

HOOFSTUK VYF

DIE GEBRUIK VAN JUNGIAANSE INSIGTE IN DIE ONTSLUITING VAN DIE KOMPLEKSITEIT VAN DIE VROUFIGURASIES.

5.1 INLEIDING

Die gedig is 'n appel; jy kan hom van alle kante bekyk, dit het met ander woorde nie net een kant nie. Jy kan rondom hom loop, hom omdraai. As appel het dit die argetipiese van die hemelliggame (son, maan, aarde, ander planete).

Dit het die vorm van ons oog; omdat dit rond is, kan jy nie 'n tou daaraan vasmaak nie. Jy kan hom eet en op een of ander manier tog in jouself behou

(Cloete, 1994a).

In hoofstuk twee (p.26-28) word verwys na die Bakhtin-groep se bydra tot die ontwikkeling van 'n teorie oor verskillende verhoudinge waarin 'n teks funksioneer. Vanuit hierdie standpunt veronderstel die teks 'n oop gesprek. Taal, as sosiale en intersubjektiewe gegewe waarbinne die subjek vorm aanneem, is vir die Bakhtin-groep die grondslag van die onbewuste. In die lig hiervan word intertekstualiteit omskryf as "'n vorm van intersubjektiviteit" (sien p.27). Die gedig is dus 'n interteks op die vlak van die wisselwerking tussen teks en leser. Du Plooy (sien p.27) wys daarop dat "intertekstualiteit berus op die subjek se vermoë om intertekste bymekaar te bring en hulle in verband met 'n bepaalde teks te bring". Sy sluit aan by die beskouing van Kristeva wat die teks omskryf as translinguïs-

tiese handeling waarin die subjek voorafgaande en kontemporêre tekste ondersoek, sommige bevestig en ander ontken in die opeis van die reg om self te praat.

Intertekstualiteit veronderstel in der waarheid die uitwis van grense (binne- en buite-tekstueel). Die teks lê self verbande na buite.

Teoreties is die vertrekpunt dat die teks "oop plekke" (Iser, 1978:112) laat wat die leser moet vul. Dit kan alleen geskied op grond van die leser se lewens- en leeservarings:

a piece of writing must be understood as the product of a person or persons, at a given point in human history, in a given *form of discourse*, taking its meaning from the interpretive gestures of individual readers using the grammatical, semantic and cultural codes *available to them*

(Scholes, 1982:15).

Die aansluiting van die teks by sy kontekste, die verbande tussen die diskoerse van die gedig en dié van sy kommunikasieruimte op 'n gegewe moment, kan slegs deur die leser geskied wat daardie landskap deurreis met "divided psyches, traversed by codes" (Scholes, 1982:14). Wat die skeppers van literêre kunswerke as teks produseer, geskied deur hulle:

acceptance of the constraints of generic or discursive norms. Through them speak other voices - some cultural and public, some emerging distorted from those aspects of private need repressed as the price for attaining a public subjectivity in language

(Scholes, 1982:14).

Die gedig word dus as diskoers gelees en die teks as die sentrum waarin verskillende taalkodes mekaar ontmoet. Die leser ontsluit ook die teks deur van verskillende kodes gebruik te maak: dit maak die betekenis van die teks 'n oneindigheid. Sonder dat die binne-struktuur van 'n gedig dus totaal afgewys word, word die teks-/gediggrense ad infinitum verskuif.

In die oeuvre van Cloete is dit opmerklik dat 'n kategorie gedigte 'n bewussyn van die primordiale (dit wat dieper, onder die oppervlakte verskuil lê) suggereer. Dit wil ook vir my voorkom asof daar 'n raakpunt tussen die vroulike kode en verwysings in bogenoemde kategorie gedigte is.

Jung (1963:80) se uitspraak dat "poetry evokes out of words the resonance of the primordial world" weerklink net te sterk in baie van die gedigte van Cloete dat 'n mens dit kan negeer.

Een van die (talle) gedigte wat as voorbeeld kan dien, is "Karooklip" (Driepas:154):

Die ewigheid is vatbaar naby:
gaan na die drif in die Dwyka
gaan kyk hoe die morene
deur die gletser gedra

die harde rots geskuur het
- botter deur 'n harde skaarlem
geskraap - en hoe in 'n klip
'n mosasourus 'n ewigheid reeds swem.

Laat die erosie in die Visrivier loop,
dit hou God se bewaarde
geskiedenis in n 000 000000 jaar aarde
swygend voor ons oë oopgespoel oop.

Ons eksistensiële sake van die dag
 die nietige kramp
 is om heilige stadige klip te word te sag
 en voos te bedompige damp

en die meeste vlees en belewe duur te kort
 is te teer en te efemeer
 om van die essensiële klipewigheid
 van die litosfeer

deel te word. Gaan by die Dwyka
 hier naby staan, gaan kyk: die siel
 van dié siel word steen
 word fossiel.

Die slapende dromende klippe getuig
 hulle roep swygsaam God se werk uit
 met 'n klipharde gejuig
 met klippe se goddelike langsame geluid.

Daar is 'n parallel tussen klippe en poëtiese taal omskryf in terme van die gepersonifieerde "slapende dromende klippe" wat "praat". Dit herinner baie sterk aan Leopold se verwysing na die digterlike denke as dromende denke. Dit laat die suggestie dat ook in poësievorm en -inhoud iets van die oeroorspronklike gefossileer lê.

Soos die klippe, was taal (1 Joh.1:1) van die begin van die skepping daar. Taal vertoon, ook soos klippe, die verbroke-ling en verweer wat oor die jare oor die oeroorspronklike geharmonieerde geheel/volkomendheid gespoel het. Tog is daar ook in taal, soos in die klipgroewe, waarskynlik iets van die oeroorspronklike gefossileer - juis daarom ook die verwondering aan die groefgeskuurde klippe (of as parallel: aan die "afgeskuurde/gegroeide" digterlike woord).

Juis deur die verwysing na die gekraakte oppervlakte aan die buitekant met 'n dieper, versteende beeld van die oeroorspronklike daaronder, word in konteks met die verwysing na "siel", volgens my, spore gelaat wat die leser lei om te delf na dit wat onder die oppervlak lê: die kollektiewe onbewuste wat terugdateer tot die oeroorspronklike - 'n aspek wat met behulp van 'n Jungiaanse leesstrategie in die gedigte van Cloete leesbaar word.

Juis die verwysing na "siel" in strofe ses, open 'n deur tot 'n Jungiaanse insig. Dis onwaarskynlik dat die klip 'n siel kan hê maar wat wel moontlik is, is dat die siel, soos die klip - soos taal, veral in digterlike vorm ook iets van die primordiale in gefossileerde vorm (kollektiewe onbewuste) kon bewaar het.

"New Science"-studies wat die oorsprong van menslike instellings deur die mees primitiewe volke bestudeer maak 'n gevolgtrekking dat die eerste mense in digvorm gepraat het. Dit verklaar waarskynlik waarom daar soveel natuurlike versmakers in oorspronklik besbewaarde tale/dele soos Eskimo is. Ook het die eerste skrywers in Spaans, Frans, Italiaans en in ander tale in verse geskryf. Dit laat 'n mens onwillekeurig dink dat poëtiese taalgebruik dalk tog iets van die oeroorspronklike gefossileer hou. Woordkuns is heel waarskynlik "the magic in the mind" en in die konteks van dié studie is die volgende uitspraak nog belangriker: "Mighty magic is a mother" (Rochenberg, 1983:3).

Die volgende interessante weergawe van die "wete" van 'n Eskimo-vrou via haar oom Unaraluk, die sjamaan, oor die oorsprong van alles het opnuut my belangstelling geprikkel. Daar word veronderstel dat deur poëtiese sleutels gepoog kan word om tot die verre verlede deur te dink met behulp van "dromende/poëtiese" denke - juis só word die ideaal van veelvormigheid waarna ook Cloete (Jukstaposisie:42) in sy verse streef, moontlik:

In the very earliest time,
 when both people and animal lived on earth
 a person could become an animal if he wanted
 and an animal could become a human being.
 Sometimes they were people
 and sometimes animals
 and there was no difference.
 All spoke the same language.
 That was he time when words were like magic.
 The human mind had mysterious powers.
 A word spoken by chance
 might have strange consequences.
 It would suddenly come live
 and what people wanted to happen could happen
 all you had to do was say it.
 Nobody could explain this:
 That's the way it was.
 (Rochenberg, 1983:3)

Jung se teorie is gegrond op sy opvatting dat universele primordiale ervarings in die kollektiewe onbewuste gesetel is. Hierdie onbewuste inhoude word as argetipes of primordiale simbole spontaan gemanifesteer in drome, fantasieë en mitiese projeksie.

In hoofstuk drie is daarop gewys dat die verwysings na onder andere Anna en die onbenoemde "sy" nie net as verwysings na konkrete figure gelees moet word nie. Vanaf hoofstuk twee, en

veral in hoofstuk vier is daar toenemend verwys na 'n proses van "ontsel(f)ing" (Met die aarde praat:96) wat skynbaar oor die boeg van die ses bundels in die gedig "Opruim" (Met die aarde praat:96) tot voltooiing gegroei het. Is dit moontlik dat die "ek", as deel van die inkyk en insien in die groot skepping van God, dalk ook in sy deurkyk van -, inlewing met - en kyk deur die vroulike tot ontselwing (oplos van die enkel manlike "ek" om so deel te word van 'n groter geheel) kon kom? As dit só is, watter denkraamwerk spreek die kwessie van integrasie tussen manlike en vroulike teenpole in die individu aan? Ek kon, met behulp van Jung se individuasiëteorie so 'n psigologies-fisiologiese oplossing/opruiming/ontsel(f)ingsproses aantoon.

In die eerste plek word daar in hierdie hoofstuk enkele Jungiaanse konsepte soos *kollektiewe onbewuste*, *anima*, *individuasie* en *self* kortliks omskryf.

Daarnaas word, met behulp van gediganalise, ondersteuning gebied aan die argument dat:

- die vergestaltung van die vroulike in die psige van die "ek" intratekstueel van bundel tot bundel "groei";
- daar verstegniëse vergestaltings is waarin die manlike en vroulike, jukstaponerend versoen word. Dit ondersteun die veronderstelling dat daar van 'n proses van

onselwende heelwording(individuasie), as versoening tussen teenoorstaandes, sprake is.

Daar word ook 'n inventaris van die verskillende animavergestaltings in die verskillende stadia van die individuasieproses opgestel.

5.2. *DIE KOLLEKTIEWE ONBEWUSTE*

Wat die struktuur van die onbewuste betref, onderskei Jung tussen 'n persoonlike en 'n kollektiewe bewussyn. Die kollektiewe onbewuste verteenwoordig die oorgeërfde potensiaal wat van vorige geslagte oorgedra is. Dit is 'n soort duimdruk, nie spesifiek van die individu nie, maar universeel van alle mense. Dit is ook onafhanklik van die persoonlike onbewuste en die bewussyn:

it is not made up of individual and more or less unique contents but of those which are universal and of regular occurrence

(Jung, 1963:390).

Die kollektiewe onbewuste bestaan uit instinkte en argetipes. Instinkte verwys skynbaar na fisiologiese oorgeërfde impulse wat gedrag bepaal sonder bewustelike motivering. Argetipes of primordiale beelde word beskou as aangebore psigiese predisposisies of "intuïesies" wat die persoon beïnvloed om op 'n bepaalde wyse waar te neem en beelde te vorm. Die argetipes vorm die basis van menslike denke en is "the whole treasure-house of

mythological motifs" (Jung, 1963:310).

Argetipes kan uitgedruk word as simbole ('n simbool verteenwoordig altyd iets wat nie direk waarneembaar is nie). Dit is in die analisering en interpretasie van simbole - soos dit voorkom in drome en die kunste - wat die kollektiewe onbewuste en die argetipes geanaliseer en begryp kan word.

In die gedig "Karooklip" (Driepas:154) is daar, volgens my mening, 'n parallel tussen die "ons", die klippe, en ook die taal (of gedig): iets van die "ewigheid"/ oeroorspronklikheid (reël een) lê daarin vasgevang - dit is net die taak van die werklikheids(in)kyker om dit raak te sien. Enersyds moet die hand van God in die skepping (en ook taalskepping) raakgelees word, maar andersins ook die herontdek van die "trigloop in teen die groot vergeet". Hierdie terugloop veronderstel ook 'n kyk na die siel wat iets van die oeroorspronklike gefossileer het. Ek verwys in hierdie verband na die HAT-omskrywing van "siel": "lewende beginsel van Goddelike oorsprong wat as onsterflik beskou word".

Volgens Jung (1963) se teorie is daar in die psige van die mens 'n drif om 'n oorspronklike harmonie/eenheid/ as teenpool van die gebrokenheid van bestaan te bewerkstellig. Vir die Christen beteken hierdie toestand gemistifiseerde eenheid met God. 'n Mens kan sê dat beide hierdie gedagtes versoenbaar is met die tema van "Karooklip". Die religieuse verwysings in die gedigte van Cloete is in talle studies (sien hoofstuk een) breedvoerig

uitgewerk.

5.3. DIE PROSES VAN "ONTSELFING"

Daar word in gedigte verwys na 'n proses van "ontselfing" (Met die aarde praat:96) as strewe om uit die enkelheid deel te word van die veelheid om so nader aan die oeroorspronklike te kom:

ons eksistensiële sake van die dag
die nietige kramp
is om heilige stadige klippe te word en sag
en voos te bedompige damp
"Karooklip" (Driepas:154)

Die vraag is of daar 'n verband is tussen hierdie soeke na die oeroorspronklike (herstel van eenheid deur selfverlies) en die vroufigurasies. 'n Antwoord is vir my moontlik geleë in die harmonisering tussen die manlike en die vroulike. Hierdie proses word in die gedigte van Cloete 'n medium waardeur tot iets van die oeroorspronklike deurgekyk word. Begrip vir hierdie proses vereis eerstens verheldering oor hoe Jung die term *self* omskryf.

Die *self* is die argetipe wat die mens motiveer om die verskillende komponente van die psige te integreer in 'n harmonieuse geheel. Dit verteenwoordig die mens se strewe na eenheid, integrasie en volheid.

Die *self* tree na vore wanneer die bewuste en die onbewuste nie langer in opposisie teenoor mekaar staan nie, wanneer dit geïntegreer is.

tegreer is in 'n geheel.

Volgens Jung is die *self* die sentrale argetipe en vorm dit die kern van die persoonlikheid waarrondom die ander sisteme sentreer:

The self is not only the centre, but also the whole circumference which embraces both conscious and unconscious; it is the centre of this totality, just as the ego is the centre of consciousness

(Jung, 1953:41).

Alhoewel Jung nooit baie duidelik sê hoe die *self* ontstaan nie, blyk dit dat die ontwikkeling daarvan aangewakker word deur 'n religieuse instink en 'n transendentale funksie wat die psige dwing om die teenoorstaande pole te versoen in 'n nuwe balans en eenheid. Jung (1953:42) sê:

Religion ... is an instinctive attitude peculiar to man, and its manifestations can be followed all through human history.. Its evident purpose is to maintain the psychic balance.

Die transendentale funksie is vir Jung 'n ontwikkelingsbeginsel aan die hand waarvan hy wil illustreer hoedat die psige, na differensiasie in verskillende sisteme weer tot 'n eenheid kan ontwikkel.

Sy opvatting oor die kollektiewe onbewuste waarin die argetipes funksioneer ten opsigte van die psigiese drif in die mens om die oorspronklike harmonie te herstel, dui op 'n proses/stryd om onversoenbaarhede te versoen. So 'n soort proses is ook aantoonbaar in die bundels van Cloete, veral in die vergestal-

ting van die manlike teenoor die vroulike. Cloete, as jukstaposisie-meester, het waarskynlik in die gedig "Karoorklip" waarin die grootsheid en tydloosheid van God aan die hand van die afgeskuurde klipgroewe uitgebeeld word, ook 'n moontlike Jungiaanse saadkiem losgeskryf.

Daar word nie met presiesheid uitgeskryf dat dit net oor die siel van die klip gaan nie - dit gaan oor die siel van die siel - dit kan net sowel van toepassing gemaak word op die siel (van die mens) wat soos die klippe ook met primordiale kollektiewe reste belaaï is en waaruit die fyn waarnemer (en psigologiese reisiger) ook engele uit die klip kan verlos (à la D.J. Opperman).

Die gemeenskaplike deler tussen die klip- en sielbeeld en die veelfasettige vroulike kode, lê in die tydloosheid: haar ewigteenwoordigheid in die psige van die skeppende manlike "ek" (maar ook in die kosmos) :

Kyk ek na die melkweg, in die gras,
in die water, na die boog
van die aarde, maar altyd iewers is jy ingepas.
"Anna" (Met die aarde praat:94)

Deur die vroulike kode word ook iets verbeeld van die altydteenwoordige. "Sy" verbeeld 'n medium waardeur 'n inkyk op die ewige, maar ook die teenwoordige verbreed word. Ten spyte van menslike onvolkomenheid/ verbrokkeling hou die "sy" in die gedigte van Cloete tog die belofte in om via haar iets van die

volkomenheid te herstel, ten minste 'n venster waardeur die "ek" uit sy eie beperktheid en eenogigheid kan verruim. Deur haar kan ontselwing beleef word om so nader aan persoonlike-, maar ook kunsafgerondheid te kom. Deur die wydgeskakeerde vroulike koderings van "haar", soos byvoorbeeld *Anna*, maar ook as die onbenoemde "sy", beleef die "ek" deurgang tot iets van die kollektiewe primordiale.

5.4. *DIE ANIMA*

Aangesien daar telkens na die konsep *anima* verwys word, volg daar nou eers begripsomskrywing.

Volgens Jung dra elke individu spore van beide geslagte in hom of haar. Hy postuleer daarvoor die *anima* as die vroulike argetipe wat op 'n onbewuste vlak in elke man teenwoordig is en gekenmerk word aan gevoel en emosie. Die animus, aan die ander kant, is die manlike argetipe wat logika en rasionaliteit in elke vrou verteenwoordig:

The natural function of the animus (as well as of the anima) is to remain in [their] place between individual consciousness and the collective unconscious. The animus and the anima should function as a bridge, or a door, leading to the images of the collective unconscious, as the collective unconscious, as the persona should be a sort of bridge into the world

(Jung, 1963:380).

'n Volwassene wat kreatief is, is volgens Jung een wat daarin geslaag het om beide die vroulike en manlike komponente van die persoonlikheid te laat integreer het deur genoeg ruimte te laat

vir die uitdrukking van beide.

Die anima (siel) is nie siel in die dogmatiese sin nie, nie 'n *anima rationalis*, wat 'n filosofiese konsep is nie,

but a natural archetype that satisfactorily sums up all the statements of the unconscious, of the primitive mind, of the history of language and religion

(Jung, 1990:27).

Die mens kan dit nie skeep nie, dit is altyd die *a priori* in die mens se stemming, reaksies, impulse en wat ookal spontaan is in die psigiese lewe:

It is something that lives of itself, that makes us live; it is a life behind consciousness that cannot be completely integrated with it, but from which, on the contrary, consciousness arises

(Jung, 1990:27).

Hoewel die vrou as *femme inspiratrice* dus die noodsaaklike teenspeelster is wat die man inspireer en tot selfbegrip lei, kan sy ook as demoniese figuur destruktief optree.

Malan (1978:165) wys daarop dat selfs die dubbelkantigheid van literêre karakters direk tot die kermerke van dié argetipe herlei word. Juis deur die gebruik van die oertipe word afwisseling verkry en 'n verweefde verdigting.

Volgens Malan (1978:166) word die self in een of ander viervou-

digheidstruktuur uitgedruk en word daar ook vier stadia in die ontwikkeling van die anima onderskei: die aange-trokkenheid tot die primitiewe vrou, die suiwer fisieke en biologiese soos gesimboliseer deur Eva. Daarna volg idealisering en platoniese liefde in wie romantiese en estetiese elemente nog met seksuele aspekte vermeng is. Die derde stadium is die vergeesteliking van aardse liefde (Eros), soos gesien in die maagd Maria wat liefde verhef tot 'n goddelike toewyding. Die vierde aspek word gesimboliseer deur Sapientia, die wysheid wat selfs die heiligste en reinste oorskry (bv. Griekse godinne).

Soms word daar in die een figurasie al vier fases onderskei, iets wat karakteriseringskohesie naas verdigting bevorder.

Die religieuse rol wat Jung aan die anima toesê, stem ook volgens Malan ooreen met sy siening van seksualiteit as 'n skep-pende mag, met 'n sentrale rol in die psigiese lewe. Met dié argetipe word daar dus toegetree tot die ryk van die gode, of minstens die sfeer wat die metafisika vir homself toeëien.

Alhoewel dit klink of die anima die geheel van die onbewuste psigiese lewe beheer, is sy slegs een aspek van die onbewuste.

Volgens Jung(1990:28) glo die anima in die "mooie en die goeie" " a primitive conception that antedates the discovery of the conflict between aesthetics and morals". Hy wys daarop dat dit bykans 'n duisend jaar van Christelike groei geneem het om te verduidelik dat die goeie nie noodwendig die mooie en die mooie nie noodwendig die goeie is nie.

Die anima is konserwatief en hou graag vas aan die dinge van vroeëre menslikheid (verskyn in historiese voorkoms). In die

moderne samelewing verskyn sy egter in vele vorme.

Die verhouding met die anima is 'n toets vir moed, 'n traumatiese "brand"-ervaring, want daar moet nie vergeet word nie dat in die ontmoeting met die anima daar met psigiese feite wat nie vanselfsprekend vir die man is nie gewerk word. Dit vind "buite" homself in die vorm van projeksies plaas.

Volgens Jung vergestalt die anima die "chaotic urge to life" (1990:30). Daarbenewens word sy omhul deur 'n waas van geheime kennis of wysheid, wat skerp kontrasteer met die irrasionele van haar nimfagtige aard. Alleen die persoon wat indringend met haar kontak maak, sal hierdie aspek van haar beleef. Eers wanneer die man versoen is met die volle inhoud van die kollektiewe onbewussyn sal hy in staat wees om in te sien dat onder die anima se soms wrede spel met die menslike lot, daar 'n superieure kennis van die lewenswette lê.

Daar word in gedigte van Cloete soos "Sy" en "Gaea" juis na hierdie wreedheid verwys. Die onverwagte - geweld - word aan die tradisioneel onderdanige, sagte vroulike gekoppel:

daar is pyn daar
is 'n vrou by
betrokke die orkaan
dra haar naam ...
...
...
die militêre fallus vier
van 200 000 dooies daarna
sy fees deur die vrou se visier
"Sy" (Angelliera:4)

...
 Sy, die maker, hou van laat vrek
 en rol die lewende om tot rolle drek.
 Sy bly hou van die oorspronklike gevare
 vir wat lewe en laat loop weer deur my oogare
 die voorouerlike vrees en laat hoedervleishare
 op my staan as ek behoue agter motormetaal en -glas
 kyk hoe ons vroeër deur haar gevaarlik blootgestel was...
 "Gaea" (Met die aarde praat:22)

Jung som hierdie situasie soos volg op:

In elfin nature wisdom and folly appear as one and the same; and they are one and the same as long as they are acted out by the anima. Life is crazy and meaningful at once. And when we do not laugh over the one aspect and speculate about the other, life is exceedingly drab, and everything is reduced to the littlest scale
 (Jung, 1990:31).

Volgens Jung is daar sonder die interpreterende denke van die mens, nie werklik betekenis nie en daarom is interpretasie 'n manier waarop 'n individu probeer om sin te gee aan moeilike of onverstaanbare dinge. Die anima en die lewe is op sigself betekenisloos in soverre hul geen interpretasie bied nie, want in alle chaos is daar kosmos, in alle wanorde 'n geheime orde:

in 'n wêreld wat my terugvoer
 na die krul en geboortereuk van Gaea se moer
 en vind in 'n volmaakte primitiewe
 baar en braak perspektief
 'n ontmoetingspunt...
 "Gaea" (Met die aarde praat:22)

As die man versoen is met die verskillende fasette van sy anima, sal haar chaotiese wispelturigheid hom rede verskaf om te vermoed dat daar 'n geheime orde, betekenis, bo en buite haar "geopenbaarde" natuur lê. Sy kan die man verder lei op paaie, waar filosofie, religie en die wetenskap hom slegs in 'n be-

perkte mate lei:

We are caught and entangled in aimless experience, and the judging intellect with its categories proves itself powerless. Human interpretations fails, for a turbulent life-situation has arisen that refuses to fit any traditional meaning assigned to it. It is a moment of collapse. We sink into a final depth - Apuleius calls it 'a kind of voluntary death'. It is a surrender of our own powers, not artificially willed but forced upon us by nature; not a voluntary submission and humiliation decked in moral garb but an utter and unmistakable defeat crowned with the panic fear of demoralization. Only when all the props and crutches are broken, and no cover from the rear offer even the slightest hope of security, does it become possible for us to experience an archetype that up till then had lain hidden behind the meaningful nonsenses played out by the anima. This is the archetype of meaning, just as the anima is the *archetype of life itself*

(Jung, 1990, 32).

Waar kom betekenis vandaan? Die vorms wat ons gebruik is historiese kategorieë wat terugreik in die verre verlede - 'n feit waarmee ons nie genoeg rekening hou nie:

interpretations make use of certain linguistic matrices that are themselves derived from primordial images. From whatever side we approach this question, everywhere we find ourselves confronted with the history of language, with images and motifs that lead straight back to the primitive wonder-world

(Jung, 1990:33).

Being a totality it must by definition include the light and dark aspects, in the same way that the self embraces both masculine and feminine and is therefore symbolized by the marriage quaternio

(Jung, 1990:63).

Individuasie is 'n "mysterium coniunctionis". Dis wanneer daar 'n huwelikse vereniging tussen teenoorstaandes in die self tot stand kom. Dit word vergestalt as 'n komposisionele "whole" in mandalas wat spontaan by persone ontstaan.

Cloete (1994b) wys daarop dat gedigte uitdrukking gee aan die kollektiewe en die partikuliere: dit veronderstel nie die een óf die ander nie, dit is albei tegelyk die een veronderstel die ander. Cloete se gerigheid op die jukstaponering van teenoorgesteldes as vervulling, het betrekking. Daar is 'n parallel met die individuasiëproses van Jung.

5.5. DIE VERSOENING VAN TEENORSTAANDES

In die bestudering van die vroufigurasies as binnetekstuele -, intergedigtelike -, maar veral intratekstuele kode (sien hoofstuk twee), was dit opmerklik dat vanaf die eerste bundel Angelliera tot die sesde bundel Met die aarde praat, daar gedigte is waarin die vroulike inhoudelik vergestalt word alhoewel daar deurlopend voorkeur gegee word aan manlike of staande eindrym. Daar hierdie studie gerig is op intratekstuele kodes en nie verstegniese analise nie, gaan hier slegs 'n enkele voorbeelde voorgehou word:

Sy

daar is pyn daar
is 'n vrou by
betrokke die orkaan
dra haar naam haar
naam dra die atoomfabriek Zoe
dis sy
Enola Gay
sy wat die bom van Otto Hahn
puil bo Hiroshima
die militêre fallus vier
van 200 000 dooies daarna
sy fees deur die vrou se visier (Angelliera:4)

Gebreekte bene

...
...

ligeeue verby die maan
weg van die son deur die heelal
deur solêre membraan na membraan
tuimel sy deur die pneuma valvalval

paskal gebreekte bene paskal
(Jukstaposisie:79)

uiteindelijke nag

...
...

na al die letsels wat ek op jou gevlóek
het is my dun vingers in berou
op jou hoë voorkop en die lede van jou
skoon blou oë smekend op soek

(Allotroop:54)

mooi marilyn monroe foto in rooi

...

haar huid kyk
het van rosig tot sag
blosend tot teer gesproet soos die vag
van 'n abessynse kat diep tük

(Idiolek:52)

ik ben alleen met u o venus

ek is alleen met jou lús
ek het jou venus
ek kyk jou rond
laat jou na,
my wil gedra

(Driepas:19)

vrou

truggekom en klaár
is haar kapsel deurmekaár
'n miedhoop 'n hoop strooi
is sy op haar mooiste mooi
kafgedraf

(Met die aarde praat:44)

Inhoudelik handel die gedig oor die vrou, alhoewel daar in die rym voorkeur aan manlike rym gegee word. Dit blyk dus dat daar 'n natuurlike vervlegting tussen hierdie teenoorstaande pole plaasvind.

Daar vind 'n natuurlike vervlegting tussen die manlike en vroulike komponente in die gedigte van Cloete plaas. Deur die versoening van teenoorstaandes word die self heel/groter.

Volgens Jung is die mens se sinvolle bestaan herleibaar tot psigiese prosesse. Om dus oor 'n proses van "ontselfing" ("Op-ruim" Met die aarde praat:96) te praat, impliseer 'n psigiese proses.

Wanneer die vrou, as argetipiese kode in die "inkyk" van die "ek" in die self, ondersoek word, word die fokus gerig op die transformasie in die binnewêreld van die gedigsubjek.

Daar die manlike en die vroulike teenoorstaandes in die psige is, is daar dikwels by skrywers en digters oorwegend óf 'n manlike óf 'n vroulike belewingsdomein waarin die "ek" hom of haar tuis voel. Soos wat die bundels van Cloete organies groei, verhoog die natuurlikheid waarmee die manlike en vroulike egter met mekaar vervloei. Aantoonbaar het die "ek" aanvanklik eers die vroulike gedistansieerd soos in "Sy" in Angelliera beskryf, maar later al hoe meer as deel van die "ek" self soos byvoorbeeld in die intieme huweliksvers "uniseks":

ons het mekaar
 se tagtig plus jaar
 lief sonder onderskeid
 van man- en vroulikheid

...

(Allotroop:55)

Daar die "ek" "uitgesponne" ("Substansiëring" Jukstaposisie :62) word deur sy vrou en kinders, is die voor die hand liggende leesmoontlikheid dat dit verband hou met die "ek" se beleving en drif om deel te word van die groter geheel. Die substansiëring deur sy vrou en kinders is egter maar een van die kringe/lusse, volgens my mening, waardeur die "ek" deel vorm van die groter geheel. Die "ek" beleef algaande substansiëring in alle kosmosentiteite (soos duidelik blyk in gedigte soos "In die meentdam" en "Paddaman"). Op hierdie wyse word die uniekheid van die beperkende eie-ek diffuus. In die groter deelwording word die strak skeiding tussen manlikheid en vroulikheid ook ophefbaar. As geïndividueerde of geïntegreerde self is die "ek" enersyds bevry uit die beperkende, waarskynlik manlike self en andersyds in staat om by alle synsgrense wat entiteite van mekaar onderskei, verby te kyk en iets van die groot samehang in God se skepping raak te kyk en te verbeeld.

Volgens Jung is die psige dus 'n dinamies gestruktureerde eenheid wat deurentyd strewe na eenwording tussen die kontrasterende pole van die psige. Die verskillende onderdele van die psige hou verband met mekaar, maar funksioneer tog onafhanklik. Ten spyte van die kontrasterende aard van psigiese komponente, bly die hoofdoel van alle menslike lewe die strewe tot eenwor-

ding deur die versoening van die teenoorstaande polariteite om uiteindelik totale integrasie in die self te bewerkstellig.

Jung noem hierdie proses van integrasie die individuasieproses:

I use the term 'individuation' to denote the process by which a person becomes a psychological 'individual', that is a separate, indivisible unity or 'whole'
(Jung, 1963:383).

Individuasie beteken dus om 'n geïntegreerde, homogene wese te word. Dit beteken

incomparable uniqueness, it also implies becoming one's self. We could therefore translate individuation as 'coming to selfhood' or 'selfrealization'
(Jung, 1963:383).

Die integrasie van polêre kragte lei tot 'n balans in die psige en 'n ontdekking van die ware self. Die reis na die self word individuasie genoem. Daardeur vind hergeboorte van die mens as persoon in eie reg plaas.

Dit is 'n pynlike proses deurdat die mens deur selfondersoek die 'inisiësie' van sy innerlike realiteit beleef. Waar die mens nie in staat is om self die gevaarlike proses van individuasie deur te gaan nie, neem hy sy toevlug tot mitiese projeksie, omdat die psigiese proses, wat individuasie verteenwoordig alreeds in die simbool bevat is. Sekere basiese argetipiese simbole tree as rigtingwysers op, op die pad na selfkennis en individuasie.

Die eerste stap in die individuasierproses is die konfrontrasie van die persona met die skaduwee, die tweede stap is die "ontmoeting" met die anima of animus. Die ontmoeting met die anima hou die potensiaal van persoonlike groei in.

Individuasier word voltooi wanneer die argetipe van die self verskyn. Jung (1968:355) beklemtoon dat die self nie identies aan die bewuste empiriese persoonlikheid is nie:

owning to the fundamentally indefinable nature of human personality, the self must remain a borderline concept, expressing a reality to which no limits can be set.

Wanneer die individu daarin slaag om sy bewussyn te verdiep deur onbewuste inhoude bewus te maak, word integrasie of selfverwesenliking bereik. Harmonie en selfvervulling is die noodwendige gevolg van die realisasie van die self. Die simbool van psigiese totaliteit is die mandala:

the 'magically' effective symbol which contains those primitive analogies that speak to the unconscious
(Jacobi, 1968:136).

As gevolg van sy simmetriese struktuur van elemente om 'n middelpunt verbeeld die mandala die "primal order of the total psyche" (Jacobi, 1968:136).

Die magiese krag van die mandala is geleë in sy vermoë om tot die onbewuste te spreek en ook om namens die onbewuste te praat. Dit skep die moontlikheid van kontak tussen die bewuste en die groot potensiaal van die onbewuste. Fuller (1977:34)

wys daarop dat sodanige simboliese eenheid buite bereik van die bewuste wil is. Die mandala verbeeld die mikrokosmiese aard van die self; argetipes is konsentries om die self georden en wentel daarom.

Die universele beginsel van heelwording deur hergeboorte word soos volg deur Fuller (1977:30) verwoord:

Life is the realization of a natural whole with individuation, the original tendency toward wholeness becomes a psychic happening. Self-realization is the production and unfolding of the previously potential original wholeness. It is our strongest urge, a law of nature.

Hoe heelwording in verskillende individue plaasvind, sal afhang van die persoon se unieke psigiese samestelling.

Individuasie is die kern van Jung se teorieë:

not, however, as an expression of personal power..but essentially as a function of the whole
(Jung 1963: xxiii).

In die gedigte van Cloete is daar 'n progressiewe minimalisering in die onderskeid tussen die manlike en die vroulike as 'n tipe individuasieproses. Ek wil kortliks in 'n paar gedigte, enkele momente van hierdie groeiproses aandui.

5.6. DIE GROEIPROSES

"Sy", in die eerste bundel Angelliera (p.4) is 'n gedig waarin

die "ek" se gedistansieerdheid (bedekte vrees?) van die "sy",
as anima, blyk:

daar is pyn daar
is 'n vrou by
betrokke die orkaan
dra haar naam haar...
naam dra die atoomfabriek Zoe
dis sy
...

maar terselfdertyd ook 'n belewing van die belofte van seksuele
vervulling deur "haar":

die militêre fallus vier
van 200 000 dooies daarna
sy fees deur die vrou se visier

Daar is nog 'n duidelike afstand tussen die "ek" en "haar".

Daar is by die "ek" 'n toenemende belewing van siekte en
ontoereikendheid, ten spyte van poëtikale vrugbaarheid. Sy
impotensie reik verder as bloot seksuele onvermoë. Dit kodeer
sy psigiese (die geslagtelike onderskeid is opgehef) afhank-
likheid van "haar" soos baie treffend vergestalt word in "uit-
eindelijke nag" (*Allotroop*:54):

ek lê 'n gloeiende gehuide geraamte
in jou arms en wag
ek lê sonder geslag
teen jou teruggetrokke skaamte

...

ek betas jou mond in die duister
en ek voel hoe jy vergifnis en begrip
met hart en sagte geslote lip
in die dun skelp van my oor warm fluister

In "uniseks" (*Allotroop* :55) word liggaamlike en psigiese een-

wording met die vroulike gesuggereer:

ons het mekaar
se tagtig plus jaar
lief sonder onderskeid
van man- en vroulikheid
sonder sterkste en eerste
sonder taaiste of teerste
...
die eenders is altwee

Sou 'n mens die gedigte oor *Anna* vereng as bloot gedigte oor die eggenoot, sou daar volgens my mening 'n baie ryker kode verlore gaan naamlik die proses van ontselwing as individuasie-proses waardeur die "ek" tot geïntegreerde self kom. Die belewing van *Anna* vorm deel van die psigiese kartering van die introspektiewelike self-mikrolus (die binne-sirkel van die psige in teenstelling met die makrolus, dit wil sê die natuursirkel(s) in die skepping), waarvan die anima (as vroulike deel in die manlike psige) onlosmaaklik deel vorm van die makrolus van God se skepping.

In die proses van ontselwing word, ten spyte van die verwysing na geslagtelike impotensie, veral in *Driepas* "hergeboorte" (lewensdrif) gekodeer as seksuele viriliteit, beleef. *Driepas* getuig van skeppingsdrif en 'n herontdek van manlike viriliteit wat ook gekodeer word as 'n skrywersdrif wat deur "haar" (die anima) ontketen, aangeblaas en gestu word:

ek sit met jou hartstogtend
op 'n helder herfsoggend

sonder dat jy dit weet
is jy vir my gereed

terwyl jy oor ander goed gesels
begin ek jou omhels

en jou sonder jou
medewete met my heupe vashou

met my staan
met my in jou opgaan

vlinder
in jou blom ongehinder

onderverdeel
jou dit kan jou min skeel

was nou maar jou skottelgoed
jy bly tintel in my bloed

terwyl jy nou elders huislik beusel
laat jy my hele liggaam soet treusel
"ek alleen met jou"
(Driepas:18)

In die kodering van die vroulike word die blomkode, die deel-
van-die-groter-geheel-kode, die seksuele kode, die poëtiese ko-
de en die huislike kode geïntegreer. Versteignies word die man-
like en vroulike eindrym afwisselend in die koeplette gebruik
om die ewewig/versoenende balans tussen die manlike en vrouli-
ke (teenoorstaande pole tydens individuasie) ondersteunend ten
opsigte van die inhoudelike, te beklemtoon.

In die bundel Met die aarde praat (p.44), word die onbenoemde
"sy" van die eerste bundel Angelliera weer vergestalt in die
gedig "vrou".

Daar is 'n vernuftige perspektiefkruising:

1. Die "ek" kyk "haar" af.
2. Die leser word voyeur.

Die grens/skeiding tussen die "ek" en "haar"(anima) bestaan nie meer nie - hy deel haar intiemste oomblikke met haar:

haar bloed
 beur in die tweeklepskelpie tot 'n opgehewe gloed
 saam haar hele lyf is van alle kosmetiek
 gestroop
 platgeloop
 ontmaskara bly sy vroulik outentiek

Die Anna-beeld, as anima, word as allesomvattende oorkoepe-
lende vroulike waardeur die "ek" 'n verruimde visie op die
kosmos kry, gekodeer. Dit word baie duidelik in 'n gedig soos
"Anna" in die bundel Met die aarde praat:

...

Kyk ek na die melkweg, in die gras,
in die water, na die boog
van die aarde, altyd iewers is jy ingepas.

Oor die skopus van die oeuvre word 'n tipe Jungiaanse individuasieproses voltrek. Die "ek" dig en beleef veral vanuit 'n toenemende "gevuldheid/ wholeness" wat nie net religieus gelees moet word nie, maar ook as 'n psigiese voltrekking van die self wat die teenoorstaande pole in die self (veral die manlike en die vroulike) kon versoen het.

In die gedig "opruim" (Met die aarde praat:98), word tot die gevolgtrekking gekom dat alles (ook in die self) uiteindelik in spiraalvorm tot 'n afgespitste kern saamhoos:

Vir ons was dit opwinding om besadig
in die verborgene woordeloos te voel
hoe alles van lig versadig
raak en alles en alle sterre saam afkoel

Die nietige het ons rykdom
geword, die daaglikse het sin
gekry omdat ons van die datumlose begin
begin weet het en van die datumlose wat kom.

... Die bestaan spiraal
stadig terug na die normale
gelukkige
bedrywige
onbeduidende
gewone
wonder van spek en bone.

Dit stel die "ek" juis daarom in staat om veel verder te kan insien in die skepping van God - veral in die gewone dinge. Hierdie skepping wat volgens die waarnemings van die "ek" op menslikbeskou onlogiese teenstrydighede berus. Die "ek" vind wel 'n jukstaponerende ordebeginsel waarvolgens God die skepping geskape het. Oënskynlike teenstrydighede soos pyn en liefdevolle vertroeteling; die skrikwekkende wat gelyktydig aanloklik mooi is, is twee kante van dieselfde "muntstuk". Ek wil dit waag om te sê dat die "ek" hierdie "derde oog" bewerkstellig het omdat hy teenoorstaandes in homself (volgens Jung, die manlike teenoor die vroulike) met mekaar versoen het.

Dat die digterlike "ek" vanuit 'n geïndividueerde "wholeness" dig, blyk juis uit die gemak waarmee hy die anima in talle gedigte ontmoet. Die vrye omgang met haar dui op individuasie.

As geïntegreerde self is die vroulike beginsel in die self geheel en al versoen met die manlike en juis in die bipolêre spanning tussen die manlike en vroulike in die psige word die "in-sien" in die bestaan 'n "wanwonderbalans" (ix, Driepas: 188).

Tipies Cloete word die belewing van heelheid, jukstaponerend gekoppel aan die begrip "ontselwing":

...

ons was te veel
self, te min bestaansdeel
"Droom"(Driepas:15)

Ook deur deelagtig te word met "haar"- die vroulike - word die "ek" deelagtig aan die groter kosmosbestel, maar ook 'n geïntegreerde self. Daar word vanuit 'n toenemende "wholeness" na die wêreld en die self gekyk.

Die vroulike koderings wat in verband gebring kan word met animavergestaltings in die "ek", gaan in die volgende afdeling gelys word. Die verskeidenheid van animafigurasies wat uiteindelik tog saam harmonieer in die "ek", bewerk ontselwing, maar jukstaponerend juis vervulling. Dat daar egter met gemak met "haar" in realiteitsfigurasie of animafigurasie omgegaan word, sal in Jungiaanse terme wel dui op 'n geïndividueerde "ek".

Ter wille van die volledigheid van die beeld van die anima as een van die fasette van die polivormig-gekodeerde vroulike,

gaan 'n empiriese lys voorgehou word van manifestasies wat moontlik ook as animavergestaltings gelees kan word.

Dit is belangrik om daarop te wys dat daar in hierdie hoofstuk weer verwys sal word na vroulike figure en manifestasies wat in die vorige hoofstukke gelys is, maar nou sal daar op hul plek/rol in die individuasiëproses(ontselwing) gefokus word.

Die doel is dus nie om enkele gedigte (of figure) in diepte te bespreek nie, maar slegs om kortliks die raakpunt met die verskillende anima-stadia in die individuasiëproses, as intertekstuele raamwerk, aan te toon.

5.7. ENKELE VOORBEELDE VAN DIE VERSKILLENDSE STADIA VAN ARGETIPIESE ANIMAVERGESTALTINGS

Bepaalde figurasies word op verskillende momente deur die "ek" beleef, omdat die individuasiëproses nie eensklaps verloop of geheel afgehandel word nie.

Daar is herhaalde openbaringsvorme en verskillende stadia waar-tydens die "ek" 'n "haar" beleef en omdig: op die suiwer fisiese vlak, as vergeestelike en as 'n kombinasie van beide. Interessant is dat ook die vervroulike nie-menslike objekte in die animapatroon ingelees kan word.

5.7.1. PRIMITIEWE/SUIWER FISIEKE VROU AS DIE VERLEIDSTER-KODERING.

In hierdie anima-kader pas die Marilyn Monroebeeld, (alhoewel die figuur en gedigte oor haar tot 'n veel groter konteks behoort soos in hoofstuk drie bespreek is). Sy is seksobjek, verleidster en bied die belofte van ongekennde drifvervulling. Haar liggaamlike naaktheid ten spyte van bekleding, beklemtoon haar fisieke goddelikheid:

die spanbroek van plooilose blou materiaal
is 'n vliesdun vel
wat alles wat binne is kaal
na buite egalig sag gestrek nerfeus vertel
"Marilyn Monroe" (Angelliera:22)

Die "mooi, geronde Dorothea" ("Hagiolied" Angelliera:18) word objek van suiwer fisieke begeerte:

die liefdesywer is hard soos die doderyk,
sy gloed is 'n gloed van vuur, 'n vlam van die Here
verrukking staar verruk
na mooi geronde Dorothea sy loop
rond in die vroeë oggend en pluk
blomme vir haar wil die ywer sy siel verkoop
...

In "Kernkragvergadering" (Jukstaposisie:69) is die sekretaresse in kontras met die impotente wyses, die jeugdige verleidster wat gekwalifiseer word in terme van haar seksualiteit:
en sy droom-voel die pom-pom in die blom blóm

5.7.2. DIE "SY"(ANIMA) IN WIE ROMANTIEK EN ESTETIESE ELEMENTE
MET DIE SEKSUELE VERMENG IS

In "uiteindelijke nag" (*Allotroop*:54) is Anna die sprekende voorbeeld van 'n hoogs persoonlik-ingeklede, gekompliseerde anima:

- * moeder/eggenootfiguur

ek lê 'n gloeiende gehuide
geraamte in jou arms en wag

- * romanties/estetiese:

op jou hoë voorkop en die lede van jou
skoon blou oë

- * seksuele/geestelike eenwording:

ek betas jou mond in die duister
en ek voel hoe jy vergifnis en begrip
met hart en sagte geslote lip
in die dun skelp van my oor warm fluister

Die inkleding van die anima in die "silhoeët van Beatrice"
(*Idiolek*:51) openbaar ook 'n verwikkelde stadium:

- * romanties/esteties:

Frontaal gaan vanaf die voorkop
die ronding oor in die verfynde wip
van die neuspunt, buig dan trug en weer op
sag in die welwende bolip

- * belofte van die paradyslike:
Tussen die baie dwalinge só vervul

- * seksuele:
bewaar sy die getroetelde model

van die kurwe, die diep ingebore instinto
wat neig in die ronding van die appel

tussen die vrou en die kosmos via die lig en lug bestaan. Die vrou het ten spyte van misleidende passiwiteit en onskuld, 'n dinamika, 'n verhewe heiligheid en kalmte wat spreek van wysheid.

Dit is meestal 'n mooi jong vrou
 Meestal is sy alleen binnenshuis,
 dalk met 'n wit veraf brief wat sy vashou
 ...
 ...

... Daar kom 'n ligte geruis
 van 'n wêreld aan uit 'n land-
 of groter wêreldkaart
 wat teen die muurvlak oorkant
 hang ...

...
 ...
 ...
 Sy staan, sy sit, sy buk oor kant
 sy droom of sluimer
 in lig wat in vlokkes of korrels brand
 of dof kaats in die ruimer
 ruimte van 'n skildery of spieël ...

...
 ...
 ...
 ... En altyd is daar lig wat afstraal
 in in die liefs klein afgemete vertrek,
 oorvloedig, uit die oop grote
 universum en wat die klein ardse geslote
 stilte in die onmeetlike laat asemhaal.

In die vermenging van die vrou- en spinnekopbeeld word die anima as die wyse, die skerpste omlyn:

...

Sy heg haar vastrapplek déúr die hiaat
 in 'n wyskundige reëlmattige weefsel en sy bind
 haar patroon om die openinge wat sy laat.

"Arachnese leegte" (*Driepas*:185)

Juis in die inlewing/versoening met hierdie anima-komponent bekom die "ek" ook wysheid.

5.8. NIE-MENSLIKE OBJEKTE AS ARGETIPIESE VERGESTALTINGS

Verskillende nie-menslike objekte word [+ vroulik] gekodeer. Die verpersoonliking van objekte weerspieël enersyds 'n bepaalde verknogtheid daaraan. Tog is dit ook moontlik om die objekte sinvol binne die Jungiaanse argetipe raamwerk in te lees. Só gesien verbreed die perspektief op hoe kompleks die vroulike kode in die oeuvre is.

5.8.1. DORP

Volgens Jung (1990:208) is die stad (of dorp) 'n maternale simbool; 'n vrou wat die inwoners in haarself huisves soos kinders. 'n Jungiaanse lesing van "op loop" (*Driepas*:33) kan die vertroostende effek van die dorp as moeder uitwys.

Die genesende verband tussen die belaste trant en die beseerde gemoed word juis moontlik "as ek deur die strate loop / van my stil dorp".

In "Sonante dorp" (*Jukstaposisie*:31) word die dorp as bloedlustige jagter (dierlik) voorgestel. Die dorp het 'n honger na "suisbloed". Die dorp versamel alle moontlike geluide soos 'n waaksame moeder (dierlik). Tog lê daar in die bekende geluide vertroosting vir die "ek". Dit bied weer eens die geleentheid

om deel te wees van 'n groter geheel, om uit die beperktheid van die enkel "ek" te ontsnap en vertroosting te vind in 'n bekende, beskermende ruimte wat byna soos 'n baarmoeder funksioneer. Vanuit hierdie beskermende ruimte begin die "ek" klanke (her)ontdek, klassifiseer en interpreteer. Dit is 'n tipe heelwording ten spyte van fisiese degenerering.

5.8.2. GROND/AARDE

"The idea of the soil as feminine also embraces the idea of continuous cohabitation with the woman, a physical interpenetration" (Jung, 1990:209).

In "Gaea" (*Met die aarde praat*:21) word hierdie verband tussen gedigsubjek en die aarde uitgebeeld. As "potlood" as falliese objek gelees word, is daar sprake van fisiese penetrasie:

... Gaea so groot Groot
het behoefte aan my potlood

...
Ek ondersoek haar self, sy verwag dit van my, en steur
haar, ek kyk haar deur.

Deur die vroulike kodering van aarde word die suggestie van die aarde as oorsprongsbron van alles wat lewe versterk. As die "ek" in sy ontselwingsproses wens om in soveel moontlike lewensvorme te kan gestalte aanneem, dan beteken dit in der waarheid 'n strewe tot eenwording met die aarde. Die mees intieme eenwording - seksuele eenwording - word die simboliese deurgang om hierdie strewe te verwesenlik.

5.8.3. WATER

In die gedig "In die meentdam" (Jukstaposisie:110) word water en dorp verbind. In talle mites byvoorbeeld die mite oor Aphrodite word water verbind aan geboorte. Ook die Bybel verwys na water as die simbool van lewe.

Die watersimbool, as moeder, hou ook verband met die aard van die onbewuste, aangesien die onbewuste (veral in mans, volgens Jung, 1990:219) beskou kan word as die moeder of baarmoeder/matrys van die bewussyn.

In "paddaman" (Driepas:171) word die begeerte uitgespreek om tot die onderwaterwêreld terug te keer:

...

Ek sal graag in hierdie baie vorme wil hoort.
Charon, as ek van die geliefde aarde sterf,
gooi my dan asseblief hier oorboord

waar ek suksessief van vorm tot vorm kan bederf

Jungiaans hou hierdie versugting om na die "moederskoot" terug te keer verband met die begeerte tot hergeboorte.

Ander gedigte wat intratekstueel kommunikeer met hierdie baarmoederbeeld is byvoorbeeld "Moer" (Driepas:35):

...

my hart wiel 'n spul
soos 'n sterrestelsel in sy krul

word in 'n tregter beroer
soos deur die skommel
van die oorspronklike moer

...

Tipografiese word hierdie terugspiraling na die oorsprong (bron waaruit groei moontlik is) ook treffend in "Opruim" (Met die aarde praat:99) verbeeld:

... Die bestaan spiraal
stadig terug na die normale
gelukkige
 bedrywige
 onbeduidende
 gewone
wonder van spek en bone.

5.8.4. DIE BOOM (VAN DIE LEWE)

Daar is talle mitiese verwysings na die oorsprong van die mens uit bome (moederstam), en ook hoe die held deur die moederboomstam omsluit word, soos byvoorbeeld Osiris in die sederboom en Adonis in die mirteboom. Wanneer Attis homself kastreer, doen hy dit onder die denneboom (as moedersimbool).

Die gevarieerde betekenis van die boom - son, Paradysboom, moeder en fallus - word deur Jung verklaar as libido simbole en nie as allegorie van die konkrete objek nie. Die falliese simbool, sou dus nie noodwendig verwys na die geslagsgeslag nie, maar na die libido, dit beteken nie *ditself* nie:

Symbols are not signs or allegories for something known; they seek rather to express something that is little known or completely unknown. The tertium comparationis for all these symbols is the libido, and the unity of meaning lies in the fact that they are all analogies of the same thing

(Jung, 1990:222).

In "Harba lori fa" (Angelliera:11) word Cloete se eie kinders "vyf jong bome jong olyf/in beddings blomme". In intratekstuele verband geles saam met "Substansiëring" (Jukstaposisie:62) word die boomlywe van die kinders 'n terugverwysing na die moeder en hou die belofte van hergeboorte in:

in pyn en vreugde maar ek vlug
met liefde liefs in hulle terug
...

my seun my dogter my kind my kind
bewaar en beskerm
my diep inverbind
in julle sag kwesbare vlees ferm

5.8.5. *TUIN*

Die moeder-argetipe word ook dikwels geassosieer met vrugbare en vrugdraende plekke soos 'n tuin of 'n geploegde land.

In die oeuvre van Cloete is daar talle tuingedigte soos byvoorbeeld: "Angelier", "Stillewe", "Harba lori fa" (Angelliera:9, 10,11).

Tuin word in gedigte van Cloete as komplement tot die "ou huis" (sy eie ou liggaam) simbool van vrugbaarheid en heelwording:

ek het om my te vestig in vreugde 'n huis gebou
vir stoeiende seuns vlinderige dogters verwek
in ekstase en 'n geliefde teer gekwete vrou

vir baie vriende om nes te maak
'n plek vir swaels hangplek

...

"Huis oordag" (*Jukstaposisie*:29)

My huis is oud, heelgemaak, maar daar gebeur
'n tuin...

... Hulle (plante) laat my van ondergronds hoor
by die erdwurms tot swaefvlughoog, laat my rank
soos 'n rankplant, maak my boomstamlank

hulle gee my nuwe lyf

...

"My huis" (*Driepas*:32)

Die naelstringsimbool kan beswaarlik misgelees word en bevestig die moederbeeld.

Die naelstringbeeld, as lewenslus(koord), figureer dwarsdeur die bundels. Intratekstueel word gedigte waarin die verskillende lewensvorme aanmekaar gestring word soos in "In die meentdam" en "Paddaman", ook in die moederlike naelstringparadigma opgeneem.

Vanweë die beskerming wat dit bied, kan die magiese lus/sirkel 'n vorm van die moederargetipe wees.

In die Cloete-oeuvre word daardie omsluitende moederlike lus (sirkel), die lus wat deur eet, paar, ronding en geboorte/uitskeiding "gewiel" (aangedryf) word, 'n intratekstuele merker (in die volgende hoofstuk sal hierop uitgebrei word).

5.9. SAMEVATTING

Die domein van die moeder (baarmoeder, moer, matrys), simboliseer dikwels die kreatiewe aspek van die onbewuste, dus die *libido* wat as 'n natuurlike krag tegelyk goed en sleg, moreel neutraal, figureer (Jung, 1990:124).

Dit is hierdie krag wat in die oeuvre van Cloete, veral in die gedigte waarin die seksuele en poëtiese gejuks taponeer word, hoogty vier.

In die gedig "Sy" (Angelliera:4), word daar klankmatig "koïtus" tussen "vrou, fallus, visier (kyk/oog) en feesvier bewerk. In hierdie "koïtus" word destruksie, sonder die inagneming van die moreel-"korrekte", die betekenaar van die fallus. Die destruktiewe agente wat opgenoem word, word in verband gebring met die moederlike (oer)matrys "die vrou se visier", wat jukstaposisionierend verband hou met geboorte en lewebaring:

die militêre fallus vier
 ...
 sy fees deur die vrou se visier

Hierdie gedig bevestig die simboliese verwantskap tussen driftige kreatiewe krag wat spruit uit die donker onbewuste en juis daarom ook soms 'n destruktiewe krag is en die oermatrys in die vroulike skoot.

Die verband tussen argetipe en simbool blyk duidelik:

the archetypes are the numinous, structural elements of the psyche and possess a certain autonomy and specific energy which enables them to attract, out of the conscious mind, those contents which are best suited to themselves. The symbols act as transformers, their function being to convert libido from a "lower" into a "higher" form. The symbol works by suggestion; it is able to do this because of the numen, the specific energy stored up in the archetype. Experience of the archetype is not only impressive, it seizes and possesses the whole personality, and is naturally productive of faith
(Jung, 1990:232).

Simbole kan 'n positiewe of 'n negatiewe betekenis hê. 'n Ambivalente aspek kan byvoorbeeld ingelees word in "Gaea" waar die aardmoeder weer alle vorme van lewe opeis.

Die kwaliteite waarmee die moederargetipe geassosieer word, is: besorgheid, simpatie, magiese mag van die vrou, goedigheid en vriendelikheid, dit wat gelyktydig ontbindend en behoudend is en wat groei en vrugbaarheid huisves. Die moeder vergestalt die plek van magiese transformasie en hergeboorte.

Aan die negatiewe kant kan die moederargetipe ook in verband gebring word met: geheim, weggesteek, donker, afgrond, die wêreld van die dooies, enige iets wat dinge opvreet en verteer, giftig, skrikwekkende (Jung, 1990:82). Jung wys daarop dat die mees bekende voorbeeld van hierdie ambivalensie lê in die Middeleeuse opvatting van Maria as moeder van Christus, maar ook sy kruis.

In enkele gedigte word selfs in God, as die polivormige, 'n moederlikheid opgeroep:

...

omdat ek vir Hom 'n las
is moet Hy my gedurig oppas
Hy is liefderyk
met my behep

...

"Ps. 24:1; Job 7:19,20" (Idiolek:58)

ek is ...

sy getroetelde mislukking

"Sy mislukking" (Allotroop:53)

Every mother and every beloved is forced to become the carrier and embodiment of this omnipresent and ageless image, which corresponds to the deepest reality in a man. It belongs to him, this perilous image of Woman
(Jung, 1990:13).

Sy is die kompensasie vir die risiko's, pyn, lyding en teleurstellings van die lewe. Terselfdertyd is sy die illusionêre, verleidster wat hom in die lewe intrek saam met haar, nie net in die redelike en bruikbare aspekte van die lewe nie, maar ook in die lewe se skrikwekkende paradokse en ambivalensies waar goed en kwaad, sukses en mislukking, hoop en wanhoop mekaar balanseer.

As brugbouer tussen die bewuste en die onbewuste, is die anima-argetipe die vuur van die self. Wie hom met haar kan versoen, beleef iets van die onsterflike.

Juis in die wye skopus van die vroulike, van oermoeder (bv. "Gaea"), mitologiese figure (bv. "Arachne") en kontemporêre vroufigurasies (bv. Marilyn Monroe) in die gedigte van Cloete, lê die heenwysing dat ontselwing deur middel van inlewing en instorting in *al* die anima-manifestasies vervulling en harmonie bewerk.

Uit die groot kosmos word simbole gehaal en deur die unieke belewing van veral die gewone, word nie net tot insig in die bestaan nie, maar ook insig in die self gekom.

Die simboliese terugkeer tot oermities en die vernuwende omdigting daarvan, bevestig dat in die gedigte van Cloete die deurkyk van die kosmos nie net 'n empiriese kyk is nie. Daar word ook deur middel van bewussyn (persoonlik en kollektief) veel van die magiese en onverklaarbare beeldend in die bestaande wêreld in geprojekteer.

Dat die digterlike "ek" in die gedigte van Cloete vanuit 'n versoende self/"whole" dig, blyk uit die natuurlikheid waarmee die verskillende personifiërings van die anima (gekodeer bv. as droomfiguur, destruktiewe, moeder, geesgenoot, die reine, adellike, verleidster, heks) verweef is in die oeuvre - die digterlike subjek ken haar: die spinvrou!

5.10. "Oog" AS VOORBEELD VAN KRUISING VAN KODES

Een van die gedigte waarin moontlik 'n kunstige integrasie van verskillende kodes verweef en deur poëtikale verdigting tot kunswerk omgedig is, is "Oog" (Met die aarde praat:9).

Oog


Die mooiste vorm vir die ronde oog
in sy eie oë is sy eie vorm.
Hy maak die aarde se boog.
Hy is sy eie norm.

Die illusie van af-ronding vat aan
ons hele bestaan.


Hy maak die reënboog van ligroos pers en blou
onder die boog van die hemel ná die storm
as jakkals onder die ronde son trou.
Hy is sy eie norm.

Daar is 'n besondere ooreenkoms tussen die volgende voorstellings en die beelde in "Oog":


FIGUUR A:



FIGUUR B:



FIGUUR C:



Volgens Jung (1990:377) dui "oog", soos in figuur A, op die bewuste. Hy wys verder daarop dat "oog" terugkoppel aan 'n mitiese figuur soos

an Anthropos, who does the seeing. This seems to me to point to the fascination which, through a kind of magical stare, attracts the attention of the conscious mind.

In die bespreking van figuur B, afkomstig van 'n manuskrip van Hildegard van Bingen, wys Jung die aarde omring deur die see, hemel en sterrehemal uit. Die aardbol in die middel is in vier verdeel. Die periferie omsluit 'n donker en ligter hemisfeer, rug op rug gekeer. Hulle verteenwoordig onversoende teenoorstaandes, wat deur die sentrale "hart/kern" wat tussen beide staan, verenig word. Volgens Jung (1990:377) gee die skets uiting aan die onopgeloste morele konflik wat ten grondslag van die Christelike beskouing van die wêreld lê:

'The Soul', Böhme says, 'is an Eye in the Eternal Abyss, a similitude of Eternity, a perfect Figure and Image of the first Principle, and resembles God the Father in his Person, as to the eternal Nature'.

In figuur C word die geboorte van 'n nuwe insig of bewuste belewing uit die diepte van die see (onbewuste) verteken. Daar dui die oog, volgens Jung, op die self.

Die enkele (verskillende) figure waarna verwys is, het almal 'n sentrale punt (in die psige) waartoe alles verbind is, wat alles orden en wat self 'n bron van energie is:

Although the centre is represented by an innermost point, it is surrounded by a periphery containing everything that belongs to the self - the paired opposites that make up the total personality

(Jung, 1990:357).

Hierdie eenheid omsluit eerstens bewussyn, dan die persoonlike onbewuste en laastens 'n groot segment van die kollektiewe onbewuste (en die argetipes).

In Jungiaanse terme hou oog ook verband met eier (Jung, 1957: 295). Die eiers (as saadkiem van die lewe) is nie slegs kosmogoniese simbool nie, maar ook 'n filosofiese sinnebeeld van

the vessel from which, at the end of the opus alchymicum, the homunculus emerges that is, the Anthropos, the spiritual, inner and complete man.

Die onlogiese in die eerste kwatryn van die gedig "Oog", word verstaanbaar in die lig van die volgende uitspraak van Jung:

The phase of non-differentiation produces the golden egg, which is both man and universe and yet neither, but an irrational third.

Wie hierdie irrasionele derde is, is volgens my mening die Skepper, die "Hy" waarna in "Oog" verwys word.

Die konsep "rond" roep die mandala op, en dit word in hierdie gedig klankmatig ondersteun deur die herhaling van die "o"-klank: oog, mooiste, boog, vorm, norm, ronding, (reën) boog, roos, ronde son.

In "Oog" is daar vier boë/ rondinge wat as kwarte saamgetrek word in die kern: "Sy norm"/God se norm(afronding). In strofe een is daar die verwysing na die aarde (eksoterics [+ oog = bewussyn] se boog; in strofe drie - die *hemel* (esoterics) se boog. Daar word ook in strofe drie verwys na die *reënboog* (water [onbewuste]) en ook - die *ronde son* (lig van God). Al hierdie (teenoorstaande) boë word verening in "Sy" (die Skepper en Afronder van alles) se norm.

5.10.1. *UNIEKE VORMLIKE MANDALA-DUIMDRUK IN DIE GEDIG "Oog"*

In elke versreël is 'n verwysing na sirkelvoltooiing:

- versreël 1: *ronde oog*
- 2: *eie oog - eie vorm* (refleksiewe terugkering)
- 3: *aarde se boog*
- 4: *Hy - eie norm* (refleksiewe terugkering)
- 5: *af-ronding*
- 6. *hele bestaan*
- 7. *reënboog*
- 8. *boog van die hemel*
- 9. *ronde son*
- 10. *Hy - eie norm* (refleksiewe terugkering)

Die tipografie van die gedig beklemtoon ook 'n refleksiewe sirkelvoltooiing. Dit laat die suggestie van twee helftes wat saam in 'n afgeronde eenheid sluit. Die kruiseindrym rondom die middelstrofe wat as kern parend rym, beklemtoon ook die refleksiewe aard:

oog
vorm
hoog
norm

aan
bestaan

blou
storm
trou
norm

Naas die tipografiese insirkeling, bewerk die pleonastiese beeldherhaling wat terugkaats vanaf strofe een na die slotstrofe 'n uiterlike assosiatiewe afronding van die gediginhoud:

strofe een: ronde oog

strofe drie: ronde son.

5.10.2. INTEGRASIE TUSSEN DIE VERSKILLENDE SIRKELSFERE IN "OOG"

Soos reeds gesê (p. 174) word daar in die gedig "Oog" verskillende sirkels/rondinge onderskei.

Volgens Jung (1963:101) is die sirkel 'n simbool met 'n universele betekenis. Dit dui op die volmaakte, balans en die voltooide.

Oog hou, naas reeds gestelde betekenisse, simbolies verband met insien, insig, deurskou. Reël een en twee suggereer self-afronding en kyk na die geïntegreerde objek: oog en die eie vorm daarvan. Op psigoanalitiese vlak kan dit ver-

band hou met die "kyk na die self as 'n afgeronde eenheid". In Jungiaanse terme ontstaan die self wanneer teenoorstaande pole versoen is, reël een en twee suggereer dat die proses voltooi is, daarom die treffende woordkeuse "mooiste vorm", d.w.s. harmonie is bewerkstellig. Die gedig begin dus met 'n stelling: geharmonieerde afronding is die hoogste ideaal. Anders gestel: integrasie van teenoorstaandes bewerkstellig selfheling/-afronding of vervulling. Daar word dus selfinsig gesuggereer, die insien dat die mooiste in die eie self lê (wanneer teenoorstaandes geïntegreer is).

Die interpretasie van die eerste reëls hang ten nouste saam met die geheelinterpretasie van die gedig.

Meerduidig is die gebruik van die "Hy" telkens aan die begin van 'n nuwe sin (reël 3,4,7,10). Dit lyk na die bloot logiese begin van die nuwe sin, maar daar lê fyn betekenisemoontlikhede ingebed. In aansluiting met die stelling in reëls een en twee kan die "hy" dui op die ronde vorm, dan lees reël drie en vier soos volg:

(Die ronde vorm) maak die aarde se boog.

(Die ronde vorm) is sy eie norm.

Maar dit kan ook anders gelees word:

(Hy = God die skepper van die aarde) maak die aarde se boog.

(God) is sy eie norm.

Wat is die verband tussen die ronde vorm en God wat hierdie poli-interpretabele lees moontlik maak? Die God wat alles geskep het (ronde aarde, later in die gedig ook verwysende na die ronde hemel), het self afgerondheid beleef toe hy die skepping voltooi en gesê het dat dit vir hom mooi was.

Maar dit kan ook nog anders gelees word: die feit dat die "ek" die vermoë bekom het om in homself in te kyk en alles wat in hom is (bewussyn [ego] en onbewuste [anima, skadu],) te aanvaar, te integreer (geharmonieerde self te bewerkstellig), maak die "ek" se oë oop om die mooi van die skepping te kan raaksien. Die afgerondheid in die self open die oë om die afgerondheid in God se skepping te kan insien. Die afgerondheid impliseer dan ook noodwendig die integrasie van teenoorstaandes, dink maar aan die uiterstes wat teenoor mekaar in die skepping staan. In hierdie verband sluit dit aan by Jung se oortuiging dat die ontwikkeling van die self aangewakker word deur 'n religieuse instink en 'n transendentale funksie wat die psige dwing om die teenoorstaande pole in 'n nuwe balans te versoen.

Die gepersonifiseerde beeld van die oog, bind tog logies 'n iemand aan reël een en twee, want dit is slegs 'n iemand se oog wat kan sien, die oog kan nie selfstandig onafhanklik funksioneer nie. Juis daarom word daar in die tweede strofe aan gesluit by "ons".

Wat dus in strofe een van toepassing was op die individu (met die geopende "oog" wat na binne kan insien "self kan insien") is ook van toepassing op die mens in die algemeen. Ons hele bestaan word na analogie van die ingeskape skeppingsbeginsel deur die strewe na afronding geraak - na die sewe skeppingsdae [getal van die volmaakte] was alles klaar, die een lewenstrata aangewese op die ander en in die interafhanklikheid is 'n afgeslote afgeronde eenheid bewerk deur God - en dit was mooi. Nie net na binne (psigologies/individu as mikrokosmos) moet die afronding ingesien en bewerkstellig word nie, maar ook na buite in die groter makrokosmos.

Waarom begin strofe twee met die verwysing na "illusie" (droombeeld, hersenskim)? Dui dit moontlik daarop dat die afronding nooit voltrek kan word nie, buite die mens se insien lê? In hierdie konteks kan die gedagte aan die verlore paradys (na die sondeval) betrekking hê: die mens het die goddelike vermoë tot al-insig verloor. Die afrondingsmoontlikheid lê in die mens en die skepping, maar die mens beskik nie werklik oor die vermoë om dit te kan insien nie.

Die feit dat illusie egter die konnotasie van droombeeld huisves, open egter 'n ander leesmoontlikheid. Die reënboog en die aarde se voltooid sirkelvorm lê buite die sig van die individu wat op 'n bepaalde plek staan en daarna kyk - die horison verdwyn - maar dit beteken nie dat die sirkel nie voltooi word nie. Die individu wat kyk moet egter sy/haar eie illusie van vol-

tooiing skep, die "ek" sien dit nie, maar die sirkel word voltrek.

Maar dit kan ook op 'n metafisiese vlak die suggestie laat dat alles wat ons kan insien nie noodwendig al is wat bestaan nie - die ander helftes lê net buite die ek se sig- of belewenisveld. Dit herinner baie sterk aan die belewing van bewustelike ervarings, wat ook nie die totale geheel omvat nie, die "droom wêreld van die onbewuste vorm die teenpool wat die mens se bestaan in geheel afrond. Dit funksioneer nie met beelde vanuit die bewussyn nie, maar droombeelde en argetipiese beelde. Al sou die bewustelike mens hierdie vlak van bestaan nie reël kan "sien" nie is dit die noodsaaklike anderkant wat die bestaan afrond.

Die slotstrofe weerkaats weer die kunstige meerduidigheid ten opsigte van "Hy". In die verwysings na ronde vorms, voltooide self (bewuste en onbewuste in harmonie met mekaar) is Hy in- verweef.

Die verwysing na die reënboog, laat verhoogde klem op die moonlike inlees van God as die "Hy" val, want dit is Hy wat die reënboog as verbondsteken aan die mens geskenk het:

Dit is die teken van die verbond tussen My en julle en die wilde diere by julle, 'n verbond wat vir alle toekomstige geslagte geld: my reënboog het Ek in die wolke geplaas. Dit sal die teken wees van die verbond tussen My en die aarde...Die reënboog sal in die wolke wees, en wanneer Ek dit sien, sal ek dink aan die ewige verbond tussen my en al die lewende wesens op die aarde"
(Genesis 9:12).

Dit is dan die teken van die verbond wat Ek tot stand gebring het tussen My en al die lewende wesens op aarde (Genesis 9:17).

Die reënboog is dus simbool van die geïntegreerdheid en verbondenheid tussen alle lewende wesens en God - 'n makrokosmies-transendentale sirkelsluiting. In hierdie verband word hemel en aarde harmonies in mekaar ingerond en word die mens deelagtig aan die groot sirkel van Godgeskape bestaan wat siklies omsluitend selfs die mees teenoorstaande pole met mekaar in versoening bring.

Die geopenheid wat inleesbaar is in "Hy", maak die volgende psigoanalitiese afleiding ook moontlik: na analogie van God se afronding van hemel en aarde, beskik die mens ook oor die strewe na afronding tussen teenoorstaande pole: bewussyn en onbewuste. Daarin speel die self die normerende krag, want volgens Jung ontwikkel die self uit 'n religieuse instink en transendentale werking wat die psige dwing om te probeer om teenoorstaande sisteme tot 'n nuwe balans en eenheid te versoen. Die selfintegrerende psigiese proses (individueasie) kan dus gelees word as 'n naskepping van die ingeskape bestaanswerklikheidsbeginsel van afronding wat deur God daargestel is.

Andersyds kan die slotreël ook beklemtoon dat selfs die geïndividueerde individu of geïntegreerde hemel en aarde, steeds nie die volkome Godsirkel betree nie:

"Hy is sy eie norm".

5.11. *SAMEVATTING*

Met die eerste lees van sommige van die gedigte van Cloete, mag dit voorkom asof die teks geen heenwyse na psigologiese patrone toon nie. Deur die intratekstuele kodes veral ten opsigte van die vroulike na te speur, het ek egter tot die oortuiging gekom dat daar veral in die spoor van die intratekstuele merker [+ rond] 'n psigologiese rigtingwyser lê wat oënskynlike onverwante sake met mekaar in verband bring.

Om aan die ander kant, elke gedig te wil verskraal tot dit wat psigoanalities sou "werk" sou 'n literêre sonde wees, want daar lê soveel semantiese lae in die gedigstrukture wat mekaar onderskraag en teenspreek. Die integrasie, interreferensie en interrelativering van die verskillende lae, waarvan in die onderhawige gedeelte van die studie in hoofsaak gekonsentreer is op die psigoanalities moontlike denklaag, bewys dat in die gedigte van Cloete nie sprake is van 'n ydele kennisvertoon nie. Ten grondslag lê 'n filosofie gewortel in perspektiewe uit die astrologie, paleontologie, entomologie, mitologie, psigologie en die Christendom.

Die stelling kan weliswaar gemaak word dat die Cloete-poësie geskryf word om die Skepper en sy almag te besing en uit te wys aan 'n wêreld waarin godsdiens en mite ontluister is. Alles word ingesluit in Sy afronding.

Naas hierdie tema waarin die gemeenskaplike intratekstuele merker [+ rond] is, het die tema van afronding van die manlike deur die vroulike ook aan die hand van die intratekstuele merker [+ rond] my ook opgeval. Dit is asof die "ek" in talle gedigte die hoop koester om in die mikrokosmos van die psige met die "waarheid" bevrug te word, en dat die individuasieproses as versoeningsproses tussen teenoorstaandes (manlike teenoor die vroulike) een van die "inkyk"-instrumente is waardeur die "ek" aan die makrokosmos deelagtig kan word. Juis daarom word die empiriese ruimte soms, volgens my mening, deur 'n subjektiewe perspektief en mitiese parallelisme tot argetipiese ruimte getransponeer.

In hierdie hoofstuk is daarop gewys dat daar ook vanuit 'n psigologiese leesraamwerk na sommige gedigte van Cloete gekyk kan word. Bepaalde afrondings- en mandalamanifestasies is, met behulp van bepaalde konsepte in Jung se teorie, uitgewys. Sonder die Jungiaanse, intertekstuele perspektief sou dit onmoontlik gewees het om tot die insig te kom dat die digterlike subjek 'n eiesoortige individuasieproses oor die loop van die ses bundels ondergaan. 'n Jungiaanse leesperspektief het dit moontlik gemaak om die kunstige ineengroei/vervlegting van manlike en vroulike komponente wat uiteindelik lei tot die opheffing van die "beperkte" insig van die manlike (soos verge-stalt in "uniseks", sien p.150) te kon raaksien.

In die volgende hoofstuk gaan die argument dat daar bepaalde intratekstuele bindinge via die vroulike koderings leesbaar is, ook vanuit 'n nie-psigologiese perspektief gedoen word.

Uit beide hoofstuk vyf en ses sal die semantiese merker [+rond] as intratekstuele kode duidelik blyk. Daar is dus organiese groei tussen verskillende gedigte en bundels.

HOOFSTUK SES

INTRATEKSTUELE KODES.

6.1. INLEIDING

Die doel van hierdie hoofstuk is om kortliks aan te toon dat daar 'n eiesoortige intratekstualiteit ten opsigte van die vroufigurasies in die verskillende bundels geld. Dit is een van die kodes in die gedigte van Cloete wat binne die tema van eenheid tussen veelheid (sien hoofstuk een) heenwys na die groter kosmos (die skepping van God).

Die sterkste gemeenskaplike raakpunt tussen die ses bundels van Cloete, kan moontlik soos volg omskryf word: dit is poësie wat meestal, direk of indirek, heenwys na die wonderbare Skepper van die heelal. Deur die onderlinge kosmos-entiteite, veral in hul eenvoud en gelyk ingewikkeldheid, te "deurkyk" (Met die aarde praat:87) en dit poëties om te dig, word na analogie van God wat met die wonder van die Woord oeroorspronklik eerste geskep het, in taal iets van die wonderlike van die Skepping nageskryf..

Dit is ook moontlik om die opvatting dat die Skepping van God jukstaponerend mooi en skrikwekkend is, as tweede gemeenskaplike bindingslyn in die oeuvre aan te toon.

Die mens, as kroon van die skepping, word in die figurasie van die gedigsubjek "ek" dwarsdeur die oeuvre gebeeld as die gepynigde, maar ook begenadigde. Die "ek" is deurlopend bewus van sy eie gebrokenheid (on-heel-heid), juis omdat "ons te veel self en te min bestaansdeel was" ("Droom" Driepas:15). Die tema van deel-tot-geheel is reeds in die vorige hoofstukke as belangrike tema in die oeuvre uitgewys.

In hierdie studie is dan ook 'n ander sirkel/lus uitgewys, naamlik die vroulike as intratekstuele kode. Die vraag ontstaan of en hoe die vroulike kode met die deel-tot-geheel tema skakel.

In haas elke bespreking oor Cloete se digbundels word verwys na die uiteenlopendheid en tog verbandhoudendheid tussen gedigte. Ek verwys na enkele sulke omskrywings in Gräbe & Pretorius (1981:69):

Die vindingryke titel van T.T. Cloete se debuutbundel, Angelliera, is 'n insiggewende karakterisering van die sterk uiteenlopende en tog uiteindelik met mekaar verbandhoudende en harmoniërende afsonderlike gedigte in die bundel.

Verder word daarop gewys dat 'n poëtiese verband ontdek is tussen die oënskynlik willekeurige temas:

Meestal word samehang bewerkstellig deur metaforisering; die seksuele word byvoorbeeld gekarakteriseer in natuurlike terme of die aktualiteit word in die opvatting van die dood of die religieuse belewing ingedra. Dikwels word die klank ingespan om semantiese uiteenlopende sake in 'n assonans, alliterasie of rym te laat saamklink. Soms sorg 'n uitgebreide sintaksis daarvoor dat 'n sinvolle eenheid bewerkstellig word in 'n uiteenlopende verskeidenheid.

Gräbe & Pretorius (1981:78) wys op 'n sentrale aspek van Cloete se denkwêreld in die 80 verse in Angelliera:

sy geloof dat daar 'n harmoniese eenheid bestaan tussen alle dinge. In gedig na gedig blyk sy verbeeldingskragtige soeke na 'n sinvolle samehang van oënskynlik disparate verskynsels: dis 'n soeke na "Correspondances" (p. 41), na "Saamhorigheid" (p.34) na "Lemmas" (p.24-28), na "Herbenutting" (p.3) dit wil sê 'n proses waardeur "elke deel/deeltyds heel word in alle gedaantes van die ewige geheel"; dis die soeke na 'n raakpunt tussen ver uiteenliggende metaforiese komponente in die vorm van "Beeldspraak" (p.19), dit is die strewe na die kernagtige saamvat van die uiteenlopende ervarings van 'n enkele menselewe in die digterlike balladevorm (Ballade van die patriot, p.20); begrippe soos "Polifonie" en "koïsie" vertel van dinge wat eenstemmig is en van dinge wat pas; "Geosentrie" en "homosentrie" verwys na kragte wat na een middelpunt, na dieselfde sentrum soek.

Ook Venter (1988) wys in haar ondersoek van Jukstaposisie op twee onbetwisbare sake: intertekstualiteit en intergediglike verhoudings in die sin van bundelkomposisie tussen verskillende gedigte in Jukstaposisie.

Cloete (1977) verwys in 'n Langenhoven-gedenklesing na Totius se organiese beskouing. Dit impliseer dat die opdrag van die Calvinis is om die hele komplekse werklikheid en menslikheid te verken en te verower. Hy wys op die feit dat al Totius se werk 'n eenheid vorm en dat Afrikaanse digters soos Van Wyk Louw en Opperman eis dat die literatuur hom met die hele mens moet bemoei, omdat in Gorter se woorde uit *Mei*:

Er ligt in elk ding schuilend fijne essence...van and're dingen.

Hierdie uitspraak sluit die bundel Allotroop af en bevestig in samehang met talle gedigtitels (bv. "Correspondences" Angelliera:41) en intergedigtelike verwysings na samehang, dat ons

sekerlik kan aanneem dat ook in die Cloete-oeuvre 'n organiese samehang raakgelees kan word. Sekere navorsers het dan ook al sulke bepaalde "organiese sfere" in die oeuvre aangedui.

Gräbe & Pretorius (1981) onderskei die volgende tematiese sfere in Angelliera:

1. 'n religieuse grondtoon en 'n sterk erotiese element wat harmonies saam 'n morele ideaal stel: die suiwerheid en sedelike stabiliteit van die huwelik;
2. skoonheid en vrugbaarheid wat ten grondslag lê aan die skeppings- en lewensvreugde;
3. identifikasie tussen natuur en mens;
4. die vrou, voortplanting, die lyflike;
5. aktualiteitsverse waarin die werklike "aangesig" van die moderne samelewing aangespreek word.

Van Rensburg (1990) identifiseer jukstaponering van hemel en aarde as die sentraal-deurlopende tema in die gedigte van Cloete.

Du Plooy (1993) sintetiseer die konsentriese sfere in die oeuvre soos volg:

a. Fisiese ruimte -

1. ek (met sy siekte), 2. ek en sy allernaaste (eggenoot),
3. ek en die gesin, 4. ek en die huis/tuin, 5. ek en die dorp Potchefstroom, 6. ek en die land Suid-Afrika, 7. ek en ander lande;

b. Abstrakte ruimte -

1. gesprek deur die kunste, 2. gesprek deur die kosmos in totaliteit en die Bybel as die openbaring van God: die algemene openbaring in die natuur en die besondere openbaring in die Bybel.

Ten slotte wys Du Plooy daarop dat al die afsonderlike sfere met mekaar versmelt is. Daar word spesiaal melding gemaak van

die besondere ineengetrokkenheid van die afsonderlike in 'n groter verband.

Cloete (1977:6) haal Totius se lesing "De digter als ziener" se uitspraak ten opsigte van die digter aan. Die digter beskik oor die vermoë om met sy "arendsogen, zoeklichten X-stralen" deur die sienlike te kyk en die Onsienlike daaragter raak te sien, sonder om die sienlike mis te kyk.

6.2. DIE VROULIKE AS INTRATEKSTUELE KODE

Ook die vroulike, in verskeie figurasies en in talle relasies, groei organies deur die digter-oë in die gedigte van Cloete tot verbandhoudende kode, wat weer ingepas is in die groter legkaart van die oeuvre.

Daar is van bundel tot bundel (in chronologie van publikasie) 'n duidelike gevarieerde uitbou van die vroulike. Binne die tektoniek van samehang tussen die veelvoud, hou die vroufigurasies met mekaar verband weens die gemeenskaplike vroulike. Deur variasie en parallelisme, word die vroufigurasie, oor die bestek van die oeuvre, 'n eiesoortige "lus" (sirkel). Naas die tematiese verbondenheid word die vroulike ook deur bepaalde intratekstuele, verstegniese vernuftigheid tot samehangende paradigma gekodeer.

Die beeld van *Anna* toon verruiming oor die verloop van die

bundels. In Angelliera (welriekende, gekultiveerde blom wat tradisioneel simbolies verbind met suiwer liefde en veral die huwelik) is daar 'n groot aantal gedigte waarin die egtelike liefde besing word. Angel het ook seksuele konnotasies en verskeie gedigte handel ook oor die erotiek soos in die Tuinreeks. Die seksuele verwysings is egter nog implisiet in verskeie natuurbeelde wat metaforiese betrekking het op die geliefdes wat in die privaat-ingeslote ruimte van dié tuin lewe ingewerk, soos byvoorbeeld:

kyk wat kom
 van die by wat die blom
 boor soet bloekom
 rooi granate sagte pere

...

"Tuin I: Angelier" (Angelliera:9)

Anna word metafories omgedig tot Kanna, wat haar laat inpas by bogenoemde blombeeld.

In die tweede bundel Jukstaposisie word die seksuele verbin-
 tenis met Anna, alhoewel sy nie direk benoem word nie, maar tog
 as moeder van sy kinders gesuggereer word, meer direk uitge-
 beeld:

ek het my jubelend bly
 in my seuns en dogters uitgedeel
 ...
 my droom deur 'n vrou uitgesponne
 vyf maal in vyf kokonne
 ...

"Substansiëring" (Jukstaposisie:52)

In die derde bundel word die intimiteit tussen die "ek" en Anna direk verdig, maar daar is 'n kwalitatiewe verskil tussen hierdie "oop- en bloetheid" en die "oop- en bloetheid" wat in die Monroe-gedigte geld:

...
 ek voel hoe jy jou medelye
 in my inleef uit jou buik
 uit jou heupe wat skeef stuik
 en jou afgemoederde dye

...

"uiteindelijke nag" (Allotroop:54)

In die meerduidige titel "uiteindelijke nag" word enersyds die assosiasie van 'n soort wittebroodsituasie opgeroep wat die klem op die seksuele sou plaas, andersyds word 'n assosiasie met uiteindelijke rus, vertroosting en empatie geskep. Laasgenoemde bevestig eerder 'n geestelike verbondenheid wat in die opvolggedig "uniseks" bevestig word. In hierdie gedig word die onderskeid tussen man en vrou opgehef in die gemene deler van "ons is soos een mens". Die "hy" en "sy" is nie net deur koïsie tydelik aan mekaar verknog nie, maar in wese en grein ineengegroei sodat die een nie meer onderskeibaar van die ander is nie.

Verstegnies word die ineengestremdeheid geïkoniseer deur die strofelose vers en die omgekeerde piramidiese spieëlbeeld.

Soos reeds in hoofstuk vyf daarop gewys is, moet die Anna-beeld nie net in die konteks van eggenoot gelees word nie. Sy ver-

teenwoordig letterlik die "ander helfte" van die manlike "ek". Deur haar verkry hy ook deel aan die algemene vrou - die onbenoemde "sy". Die snypunt tussen die besondere vrou Anna en die algemene vrou lê in die verwysing na beide se vermoë om deel te wees van 'n groter geheel waarin die "ek" ook graag wil deel.

Die vyfde bundel Driepas begin organies groei, soos in Angeliera, vanaf die natuurparingsbeeld by die langnekswane en pelikane tot menslike seksualiteit. In die herbevrugting van die mitologiese met die kontemporêre, word egter 'n stap verder gegroei: seksuele omgangsdrijf tussen man en vrou word die vehicle vir skeppingsdrijf wat musiek en poësie tot stand laat kom.

Drif of (seksuele) lus/sirkel word dus 'n intratekstuele merker waardeur samehorigheid tussen gedigte met gevarieerde inhoud bewerkstellig word - weer eens word die tema van *eenheid in die veelheid* benadruk.

Jukstaponering van die negatiewe aspek van skepping/paring: vernietiging - en die positiewe aspek van paring: bevrugting /groei/nuwe lewe - beklemtoon ook weer die versoening van twee teenoorstaande helftes. In hierdie "lus" is elke enkele ding (ook die positiewe) aan 'n ander (ook die negatiewe) gebind. 'n Gedig waarin hierdie oortuiging van Cloete tematies en vormlik meesterlik verdig is, is "In die meentdam" (Jukstaposisie:110):

...

die menigvuldige vorme van die wrede lus
 wiel die aarde, laat die seisoen
 pols en lanseer ons flambojant deur die heelal.

...

Oor die bestek van die verskillende bundels kan ook intratekstuele vormlike verbande aangetoon word tussen gedigte waarin die seksuele en vroulike prominent figureer. As voorbeeld word die volgende vier gedigte bespreek: "uniseks" (Allotroop:55), "Olympia word wakker" (Idiolek:40), "ik ben met u alleen o venus" (Driepas:19) en "vrou" (Met die aarde praat:44).

Elk van hierdie gedigte toon 'n strategiese tipografiese uitstulping wat aan die verseindvorm 'n falliese voorkoms verleen, die tipografiese plasing van die slotrymwoorde van "vrou" word ter illustrasie voorgehou:

klaar	
deurmekaar	
strooi	
mooi	
kafgedraf	
af	
bedees	
vlees	
	haar bloed
	opgehewe gloed
	kosmetiek
	gestroop
	platgeloop
	outentiek

Die penetrasiebeeld word ikonies vergestalt. Waarom dan hierdie falliese visuele aanbod?

Die moontlike verklaring van hierdie tipografiese verwantskap lê, volgens my mening, in die visualisering van die oog se vermoë om, soos die fallus, te kan penetreer. In "Olympia word wakker" (*Idiolek*:40), word die wonderlike vermoë van die oog besing:

Die oog maak die dooie lewendig:

Die oog penetreer die reële en in die bevrugtingsmoment word deur verbeelding, meer as die reële "gesien". Die advertensie waarin die skamelgeklede vrou en 'n leë fles voorkom, word omgedig tot verbeelde voorspel tot geslagsomgang:

Die fles lê op oogafstand.
 Sy kyk hand oor hand,
 voel haar nakend beweeg
 in haar yl sinlike nagklere. Haar gesig
 ondersoek die vertrek.
 Die drambuiefles lê leeg
 op sy sy. Die oog maak die dooie lewendig:
 hy lê rond bloot en oop
 glasstyf ontlyf 'n fallus uitgestrek
 sy lengte na haar gerig,
 'n snuffelende uitreikende loop.
 Sy laat 'n druppel langsaam uitlek.

Steeds bly die vraag: waarom juis dié bepaalde omdigting? Enersyds as bevestiging van die sensueelbehepte gekommersialiseerde moderne samelewing. Indien in intratekstuele verband gelees word, hou dit ook verband met die "illusie van afronding" ("Oog" *Met die aarde praat*:9): die drif om oënskynlik disparate dinge in versoening met mekaar te bring. Deur rond "hy lê rond oop en bloot", word 'n verband gelê tussen glasfles (dooie), fallus (lewendig/viriel), maar ook oog wat die "dooie lewendig maak" = in-sien = in-sig.

In intratekstuele verband is "rond" verwant aan die *vroulike, mond* en veral aan *oog*. "Oog" en variante van "kyk, sien, beskou" is baie opvallende intratekstuele merkers. Volgens Riffaterre (1983:126) is: "The spectator a meditative witness, the spectacle an object of contemplation instead of mere perception".

Die digter, moet soos Cloete (1977:93) dit omskryf in die bespreking van Totius se poësie, oor die vermoë beskik om die omringende realiteite met die digterlike oog "af te rond":

Die realiteit was vir Totius soos vir Baudelaire 'n boek, 'n stuk literatuur, en met sy begenadigde oë moet die digter dit lees en bestudeer. Hy moet die woordeskat van die realiteit lees asof dit 'n palimpsest is met twee skrifbeelde op mekaar: 'n oppervlakkige skrif, maklik sigbaar, met daaronder 'n goddelike skrif.

Indien "rond" as intratekstuele merker nagespeur word, word die volgende objekte met mekaar in verband gebring:

1. Vrou:

- ... mierkoninginlik dik...

"Lyfspraak ongetroude swanger meisie"

(Angelliera:39)

- Meisies nael getuit
in spanbloese
minibroekies wat oogsoet sluit
om rondinge

...

"Atlete" (Angelliera:38)

- Die duine lê roomkleurig en rond
...
sag soos 'n vrou se liggaam

"Kreunsand Noordwes-Kaap" (Driepas:55)

2. Oog:

- Die mooiste vorm vir die ronde oog
in sy eie oë is sy eie vorm
...

"Oog" (Met die aarde praat:9)

- My straalveseloog is rond,
...

"Prediker 11:7" (Jukstaposisie:96)

3. Aarde:

- die ronde aarde
die geil goeie vrou
...

"trugtrek" (Idiolek:115)

4. Hemel:

- onder die boog van die hemel
...

"Oog" (Met die aarde praat:9)

Tussen die kategorie gedigte waarin daar verwys word na 'n ronde "lus" as omsluitings/integrasiekode, moet onderskei word tussen:

1. Die omvattende lus van God:

Hy wat die hemel uitstrek
...
het hemel en aarde denkende
aan my geboog gemaak
...

"Van Hom en my" (Jukstaposisie:109)

...
 dat ons almal in die groot roteer
 binne die voor lê saam
 uiteindelik sal omgaan
 in 'n onderons
 onder- en bogronds
 binne 'n bestendige veranderlike Naam
 "naturalis" (Driepas:57)

2. lewensirkel/aardse lus van (vr)eet, paar en
 uitskei:

..... Die mens se gesig
 loer in die grillige argulus
 se kloppende honger buik...

...
 die menigvuldige vorme van die wrede lus
 wiel die aarde, laat die seisoen
 pols en lanseer ons flambojant deur die heelal
 "In die meentdam" (Jukstaposisie:110)

Hierdie lus betrek al die gedigte waarin eet, paar/seks, en
 totnietgaan uitbeeld word. Hemelse en aardse word dus op mekaar
 betrek deur die allesinsluitende sirkel van God.

Tussen bogenoemde twee sfere, is daar die lus (ronding en
 drifbegeerte) van die vrou wat enersyds vervul, ekstase ver-
 skaf, maar andersyds ook kan vernietig. Baie treffend word dit
 gesuggereer in die metafoor van die "Venuskarnivoorblom"
 (Driepas:106):

Die dionaea muscipula
 lyk en geur begeerlik soos 'n vulva
 maar sy is wreed:
 om te blom moet sy vlees en bloed vreet.

Die vroulike figureer, soos reeds vroeër aangedui, in talle
 vorme. In "die afspraak" (Jukstaposisie:71) verwoord die "ek"

haar in terme van "sewe variante". Sewe is die Bybelse volmaakte getal en dus beskik die vroulike volgens die "ek" oor 'n potensiaal om te vervolmaak, moontlik juis dit wat die "ek" in homself as onvoltooid ervaar. Die gedagte aan afronding aan die manlike word dan ook baie sterk verbeeld in "koppelia" (Idiolek:14):

...

skielik in 'n heerlike grimas

vertrek sy sy mond
en druk hom nat met haar kwas
om hom totaal af te rond
kragtig ekstasies vas
op die kannevas

Hier word die skilderes van die mansfiguur uitgebeeld in terme van 'n oomblik van liefdesopwelling en uiteindelijke geslagsgemeenskap. Primêr word vroulike afronding dus deur die "ek" as seksuele/liggaamlike voltooiing, maar ook afronding en transformasie deur haar, wat 'n kreatiewe handeling veronderstel, beleef. Talle gedigte resoneer die gedagte aan seksuele omgang as 'n verlies(verdeling) van die eie en daardeur groter deelwording, soos verwoord in "ek alleen met jou" (Driepas:18):

...

met my staan
met my in jou opgaan

vlinder
in jou blom ongehinder

onderverdeel

...

Daar is egter ook die konnotasie van afronding deur die vrou as

moeder. In hierdie verbeelding word die "ek" weer embryo, maar na analogie van die mitologie, ook gelyktydig eggenoot.

In hierdie vereenselwiging tussen die "ek" en moeder, word die moeder, meestal die Gaea-figuur/aarde soos in "Gaea" (Met die aarde praat:21). In hierdie omdigting, word die moederfigurasie gekoppel aan die oermoer/die oorspronklike:

...
na die krul en geboortereuk van Gaea se moer
...

Deur eenwording met haar, word die vroufigurasie ook medium tot indringing in die "oerbegin van die skepping". Gelees teen die mistieke begeerte om deur die verskillende openbaringsvorme van die Skepper tot die Skepper toe "deur te kyk", word die vrou 'n geboortekanaal terug in "teen die groot vergeet":

man en vrou
'n oogwenk loop uiteen begin verstaan
die langsame leegloop van onthou

...

"eskapade" (Driepas:16)

Die tragiek dat selfs deur die ekstatiëse mistifisering en totale penetrasie van die vrou nie aan die tydelikheid van menswees ontsnap kan word nie, word ook dikwels herhaal.

In die musiekmetaforiese omgangsbeelde is dit veral die slot van "piccolokonsert" (Driepas:23) waarin hierdie tragiek verbeeld word:

...
 bang vir die tristesse
 van la petite mort
 na die lirieke kort
 seksesse

Die "ek" bly deurgaans van die onbegryplikheid van God bewus. Tog bly die "soek en kyk" tog sinvol vir die "ek" te wees. In die begeerte tot "ontselwiging" ("klankkoïtus" *Drieëpas*:24; "Op-ruim" *Met die aarde praat*:96), gelees as 'n begeerte tot groter heel-/ deelwording, moet die rol van die vroufigurasie gelees word as een van die mediums waardeur die ek uit die beperking van die self "uitgesponne" ("Substansiëring" *Jukstaposisie*:62) raak.

Die vrou is egter nie net fisiese afronding vir die "ek" nie, maar ook geestelike vertrooster, veral wanneer die "ek" nie meer gesteld op "seks en soma" is nie. Die impotente "ek" word steeds in die arms van die minnares/moeder vertroos:

ek lê 'n gloeiende gehuide geraamte
 in jou arms en wag
 ek lê sonder geslag
 teen jou teruggetrokke skaamte

...

ek betas jou mond in die duister
 en ek voel hoe jy vergifnis en begrip
 met hart en sagte geslote lip
 in die dun skelp van my oor warm fluister

"uiteindelike nag" (*Allotroop*:54)

"Sy", veral as Anna, word ook die geestelike mentor en rigting-

wyser na die allesomvattende makrolus van God, waarvan die vrou
(soos hemel en aarde) 'n onlosmaaklike deel is:

Kyk ek na die melkweg, in die gras,
in die water, na die boog
van die aarde, altyd iewers is jy ingepas
"Anna" (Met die aarde praat:95)

Deur "haar" afronding, in die manifestasievorme van minnares,
sondares, vrou, moeder en anima, word die "ek" se oog "heel" om
meer van die geopenbaarde polivorme van God te kan insien en
bewonder (en natuurlik te kan verdig).

In die tipografiese inspiraling van die "ek" tot die essensiële
of oorspronklike moer, soos in "moer" (Driepas:35) en "Opruim"
(Met die aarde praat:99), kan 'n geestelike penetrasie gelees
word: 'n penetrasie in die bevrugte self waarin die yin en yang
(ook dink en voel) geïntegreer is, 'n penetrasie in die oop-
dink/oopskryf van die essensiële. Deur geestelike individuasie
(integrasie van alle teenoorstaandes) getransponeer tot 'n juk-
staponerende, bevrydende inperking tot die essensiële, is die
"ek" heel, in staat tot onderskeiding tussen die wesenlike en
die nonwesenlike, in staat tot 'n afgeronde "insien" (in die
self, maar sekerlik ook in die kosmos) waartoe "sy" hom, as die
pupil van sy oog, help kom het:

...

Ek leef volledig tinktinkie.
Daar sit 'n hele liggaam vas aan my pinkie.
"Tinktinkie" (Met die aarde praat:90)

In die kunstige intratekstuele verwewing van vrou, aarde en oog, in oorvleuelende lusse oor die spektrum van die oeuvre, word 'n besondere hoë betekenisdigtheid bewerk.

As deurlopende kode kan die vroulike figurasies semanties gekodeer word in terme van:

- + rond
- + baarmoederlik(oer)oorspronklik
- + helend
- + insiggewend
- + lewendgewend/vernietigend

Hierdie koderings bind nie net die vroulike kodes met mekaar nie, maar word inderdaad 'n intratekstuele kode wat ook meer as net die vroulike kodering omsluit, soos in bogenoemde bespreking aangedui is.

6.3. SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is aangetoon hoe daar 'n organiese, intratekstuele groeilyn tussen verskillende bundels, bepaalde gedigte en bepaalde vroufigure, binne die tema van *eenheid in veelheid* (hoofstuk 1, p. 4), bestaan.

Enkele menings oor die samehang in bepaalde bundels van Cloete, is as vertrekpunt geneem. In aansluiting daarby is ook daarop gewys dat die vroulike (inhoudelik, tematies en verstegnies),

as intratekstuele kode, kohesie bewerkstellig.

Die uitbeelding van veral die figuur *Anna*, toon groei in verskillende gedigte - van eggenoot, moeder, reisgenoot, maar ook uiteindelik as wegwyser na die makrolus (sirkeleenheid tussen die afsonderlikes) in God se skepping.

In die paradigma [+ vroulik] is veral die kode [+ rond] as intratekstuele merker uitgewys. Daar is op bepaalde verbande tussen vrou, oog, hemel en aarde gewys. Die [+ vroulike] kode dien as *mikrolus/sirkel* wat die gedagte dat alles in die allesomvattende *makrolus* van God se skepping met mekaar verband hou, ondersteun.

HOOFSTUK SEWE

SAMEVATTING

Die sentraal-teoretiese argument in hierdie studie was dat die *vroulike*, as deurlopende kode in die oeuvre van T.T. Cloete, 'n eiesoortige verwikkeldheid vertoon. Die doel van hierdie studie was dus om vas te stel of die *vroulike* 'n deurlopende kode vorm en om die *vroulike* te beskryf en te interpreteer.

Die navorsing wat met behulp van 'n intratekstuele - en ook intertekstuele lesing, met besondere klem op 'n Jungiaanse perspektief, gedoen is, bevestig onomwonde dat die *vroulike* (omskrywing hoofstuk 1:1) 'n komplekse kode in die oeuvre van T.T. Cloete, is.

7.1. SAMEVATTING VAN DIE VERLOOP VAN DIE STUDIE

Aanvanklik is bepaalde teoretiese vertrekpunte wat ten grondslag van hierdie studie lê, uitgestippel. Die doel was nie om op besondere teoretiese kwessies in te gaan nie, maar om bestaande teoretiese insigte te gebruik in die analise en interpretasie van geselekteerde gedigte. Semiotiese begrippe soos *teken* en *kode*, in relasie tot die *vroulike* kode, is omskryf en deurlopend in die studie gebruik. In die analise van afsonderlike gedigte is gekyk na metaforiese taalgebruik, sintakties-tipografiese eienskappe, klank- en ritmies-metriese verskyn-

sels.

Binne die kader van poësie as literêre kode, is uitgegaan van die teoretiese oortuiging dat teks die resultaat van die koëksistensie van baie kodes is. Die teks is as't ware 'n oop gesprek waarin die digter bepaalde kodes kies en manipuleer. Die leser dekodeer weer vanuit sy/haar eie koderaamwerk. Geen teks kan dus in isolasie bestaan of gelees word nie. Die teks is 'n translinguistiese proses. Dit is 'n opvatting wat in die konsep van intertekstualiteit verreken word.

Die veelstemmigheid van die teks het die moontlikheid om intratekstuele- maar ook intertekstuele relasies ten opsigte van die vroulike as kode raak te lees, geopen. Dit het die moontlikheid geskep om 'n Jungiaanse leesperspektief ter verruiming van die interpretasie van die vroulike as kode te gebruik. Jung se teorie het as 'n intertekstuele leesraamwerk bygedra tot die illustrasie van hoe verwickeld die eiesoortige manifestasie van die vroufigurasie in die gedigte van Cloete is. Hierdie perspektief het beslis daartoe bygedra dat die kompleksiteit van die vroulike as kode, verhelder is.

In die loop van die studie is daarop gewys hoe kompleks die vroulike gekodeer is. Die verskillende kategorieë vroufigurasies dek feitlik die hele spektrum (en fases) van vrouwees: jong meisie, moeder, liggaamlik-volmaak-geskapene, seksueel-onvervulde, eggenoot, afgestorwene, ongespesifiseerde "sy" en

mitologies-gekodeerde figuraties.

Daar is ook aangetoon dat daar 'n modus is om nie-menslike objekte (konkreet en nie-konkreet) met vroulike attribute te kodeer. Uit dié kategorie was dit duidelik dat kongruensie tussen verskillende lewenstrata in die skepping bewerkstellig word deurdat die animale (die spinnekop), die organiese en die plantaardige (byvoorbeeld blom) dikwels gemeenskaplik [+ vroulik] geattributeer word.

Daarnaas is 'n intratekstuele verband tussen *oog*, *vrou* en *aarde* uitgewys. Hulle word in dieselfde sirkel ingetrek deur hul omskryfbaarheid met die semantiese merker [+ rond] (hoofstuk 4: 96). Hierdie insirkeling sluit ook intratekstueel aan by die gedagte dat alles met alles verband hou omdat dit uit dieselfde Skeppershand kom. Binne die makrolus (die skepping van God), bestaan die *vroulike*, een van die mikrolusse. Hierdeur groei die digterlike "ek" tot groter in-"sien" in homself (die tipe individuasieproses waarna in hoofstuk vyf verwys word), maar ook groter "in-kyk en in-skryf" in die skepping van God as die oorkoepelende ronding/insluiting/afronding.

Daar kan ook vanuit 'n psigologiese raamwerk na die vroulike kode gekyk word. Jung se individuasieteorie, met besondere aandag aan die werking van die anima (as argetipe), is van toepassing gemaak op bepaalde gedigte. Ook vanuit hierdie intertekstuele leesraamwerk kon die heenwys na die sentrale tema

van "ontselfing" ("Opruim" Met die aarde praat:96) aangetoon word. Die "ek" beleef só 'n verruimingsproses en ontsnap aan die enkelheid van die manlike in die groter menslikheid van geïntegreerde *manlike en vroulike*. Ook hierdie kodering van die vroulike ondersteun die sentrale tema van *eenheid in veelheid*.

Omdat daar vanuit 'n intratekstuele perspektief gewerk is, kon bepaalde intratekstuele werkinge, wat die tema van *eenheid in veelheid* ondersteun, aangetoon word. [+ rond] is as die belangrikste intratekstuele merker uitgewys, omdat dit in sleutelgedigte die komponente *oog, aarde, hemel* en *vrou* met mekaar in verband bring. Hierdie paradigma het weereens die sentrale tema ondersteun: daar is *eenheid in veelheid* in God se skepping - alles hou in die makrolus van God se skepping met mekaar verband omdat dit alles uit dieselfde Hand kom. Juis daarom is daar oor die skopus van die oeuvre die versugting by die "ek" om in soveel as moontlike vorms uitgestort (uitgesponne) te raak. Die vroulike kode vorm een van die mikrolusse waardeur die "ek" na homself en die skepping om hom kyk. In hierdie verruimde perspektief kom die "ek" waarskynlik nader aan die insien in die AL.

7.2 BEVINDINGS

Die tema van *eenheid in veelheid* as oorkoepelende raamwerk, word juis in die ontplooiing van die vroulike as kode herbevestig. Dit is baie duidelik dat die verskillende vroufigurasies en hul

hoedanighede 'n deurlopende kode in die oeuvre van Cloete vorm.

Juis uit die wye skopus en die groei in die uitbeelding van die vroulike kon 'n eiesoortige/bepaalde drif by die "ek" aangetoon word. Die "ek" wil in soveel as moontlik vorme inlewing vind om so in staat te wees om tot groter insig en verwondering oor die skepping van God te kan kom ("Paddaman" Driepas:171).

Ook die integrering van teenoorstaande pole: manlik teenoor vroulik (individueasie) vorm vir die "ek" 'n medium om uit enkelheid tot groter heelheid te ontsnap. Deur die navorsing is 'n besliste groeilyn aangetoon: die grens tussen die manlike en vroulike word toenemend uitgewis, sodat daar in 'n gedig soos "Anna" (Met die aarde praat:94) 'n belydenis kom van juis hoe één die "ek" en Anna, as lewensmaat (maar ook vanuit die Jungiaanse leesperspektief geïnterpreteer as die universele "sy") is. Saam groei hulle tot 'n groter universele menslikheid.

Veral die beeld van Anna kan dien as voorbeeld van hoe ryklik gekodeer die vroufigurasies in die oeuvre van Cloete is. Anna word gekodeer in terme van gespreksgenoot, reisgenoot, moeder van die "ek" se kinders en lewensmaat – eintlik die appel van sy oog. 'n Verdere wins wat uit hierdie ondersoek geblyk het, is dat die beeld van Anna ook die sleutel dra tot die "ek" se "veelvuldigheid". Deur haar en die kinders word hy veelvuldig

"uitgesponne". Anna word een van die belangrikste "mediums" waardeur die "ek" weggroei uit die enkel (manlike) self tot 'n groter belewing van menslikheid. Hierdie proses impliseer heelwording/individueasie deur geslagtelike en geestelike eenwording soos in "uniseks" uitgebeeld. Die Anna-beeld is dus ryklik gekodeer. Die egtheid waarmee hy haar bewonder, maar ook gelyktydig die hoop op verlossing wat die "ek" van haar koester, bly die leser by.

Juis die verwysing na die ongeïdentifiseerde "sy", illustreer baie treffend die verwickeldheid van die vroulike kode: "sy" is die gemene deler wat oor die vermoë beskik om enkelhede met mekaar (in 'n web - soos ook uitgewerk in die spinnekopbeeld) te versoen. Sy is die oorspronggewende, maar ook die destruktiewe. "Sy" dra verhuld dus in haar web (ook tekstuele web) die sluier van moeder, vriendin, maar ook verleidster wat na die spel/genot dikwels beloon met vernietiging - selfs die dood. In Jungiaanse perspektief gelees, kan hierdie oorgawe deur die manlike aan die vroulike (as 'n proses van versoening tussen teenoorstaandes om deel van 'n groter geheel te word) as 'n tipe individuasieproses gelees word.

Die algemene of spesifieke vrou word dikwels met mekaar in verband gebring deur die gemeenskaplike attribuut van ruimtelike ekspansie - 'n oralteenwoordigheid. Juis deur die mistiek van diffusie, beskik die vrou oor die vermoë om in vorm te varieer.

Ondanks die bekendheid met die kontoere van haar lyf en die vreugde-pyn sensasie wat deur geestelike - en seksuele omgang ervaar word, bly die volle kompleksiteit van die vrou(like) steeds, in totaliteit, onbegrypbaar as een van die wonders van God se skepping.

Intratekstueel hou die beeld van die vroulike spinnekop verband met die gedagte dat "sy", soos die aarde, die mense aan mekaar verbind/verweb (ook gevange hou), binne haar kunstige web wat ook metafories verband hou met die skeppingsaksie soos byvoorbeeld die woordweb van 'n digter. Juis die tema van *veelheid in eenheid* word deur hierdie intratekstuele "insirkeling" bevestig:

...

ons sit almal saam vas in die spinnekop
se mooi net van die liefde - stadig vreet sy ons op
"Ons almal" (Driepas:137)

Haar web, soos die natuursirkel, impliseer vreet/voedsel afbreek, paar en weer vreet. Ook die mens vorm deel van hierdie "argulus" ("In die meentdam" Jukstaposisie:110). Die mens is altyd onlosmaaklik verbonde aan hierdie siklus waarin die vroulike 'n sleutelposisie vertolk: sy voed, teel, maar eis ook weer dit wat uit haar lewe gevind het, op. Daar skuil dus vernietiging in die [+ vroulik] oerbron:

...

die menigvuldige vorme van die wrede lus
wiel die aarde, laat die seisoen
pols en lanseer ons flambojant deur die heelal.
"Indiameentdam" (Jukstaposisie:110)

Nie-lewende entiteite soos byvoorbeeld *musiek* en *kreasie* is eiesoortig gekodeer in terme van 'n gemeenskaplike [+ vroulik]. Die kreatiewe dighandeling toon in wese ooreenkoms met die bevrugting tussen verskillende klanke van verskillende musiekinstrumente. As voorwaarde word disintegrasie van die enkele voor die groter geheel gestel. Dit is vergelykbaar met die ekstase tydens koïtus wanneer versmelting tussen die manlike en vroulike plaasvind om so deel te kan word van 'n groter harmonieuse eenheid.

Daar lê tussen erotiek, dialektiek/idiolek en musiek in 'n gedig soos byvoorbeeld "klankkoïtus" (*Driepas*:23) nie net rymende -, maar ook semantiese verbande.

Veral die gepersonifieerde *Gaea/Aarde* bevestig ook die verwikkeldheid van die vroulike. Die aarde word in 'n mitologiese beeld verwoord en in terme van die vermoë tot lewegewing (barring) en sintuiglike belewinge uitgebeeld. Aspekte van leweskepping, maar ook vernietiging, word binne die kader [+ vroulik] gekodeer.

In die gedig "Gaea" (*Met die aarde praat*:21) word die aarde soos volg gekodeer: in terme van 'n dubbele lyflikheid - 'n metaforiese vereenselwiging tussen die spreker en die aarde wat 'n aantoonbare ooreenkoms toon met swangerskap as vroulike attribuut. Soos "n swanger vrou vir die embryo kyk, proe, ruik en dinge beskryf, moet die "ek" dit vir *Gaea* doen. Die aarde word

dus gebeeld as die "embrio".

Daarnaas volg die beeld van die aarde as vroulike god wat daarvan hou om dinge te baar/ uit te skei. Sy word dus gekodeer in terme van vernietiging, ekskresie en verbranding: "Sy die maker, hou van laat vrek". Die aarde word vroulik verpersoonlik, maar die "normale" vroulike attribute van sagtheid, passiwiteit en die eteriese, ontbreek. Gaea word uitgebeeld as die "rou" aarde wat deur die "ek" toegang verkry tot die sintuiglike werklikheid. Sy realiseer dus "deur" die digter met taal as skeppingsinstrument. As ongestruktureerde matrys, beskik sy oor die vermoë om verskillende vorme aan te neem. Volgens hierdie gedig is sy die aartsmoeder wat aan alle vorme van lewe oorsprong bied, in alle vorme van lewe pols en die oermatrys is waarna alle vorme van lewe uiteindelik terugkeer. In die eenwording met Gaea, bekom die "ek" toegang tot die oeroorspronklike. In die in-lyf-in saam eet, kyk, ruik en skryf tussen die "ek" en Gaea word iets van die oeroorspronklike oopgebreek. Hierdie proses word in terme van versmelting tussen manlike en vroulike gebeeld. Dit ondersteun weer die tema van deelwording aan die groter geheel.

As wins het dit geblyk dat die belewing van hierdie integrasie tussen die manlike en vroulike binne die kader van die alledaagse/aardse/gewone beleef word. Dit lê soos alles wat, volgens Cloete, wesenlik is, in die (Gods)wonder van die gewone gang/dinge van menswees (bv. liefhê, reis, dig, musiek luister,

seksuele belewinge). Dit word treffend verwoord in "Opruim"

(Met die aarde praat:96):

Vir ons was dit opwinding om besadig
in die verborgene woordeloos te voel
hoe alles van lig versadig
raak en alles en alle sterre saam afkoel.

Die nietige het ons rykdom
geword, die daaglikse het sin
gekry omdat ons van die datumlose begin
begin weet het en van die datumlose wat kom.

Uiteindelik is die jolyt
uitgeput. Die tyd
syg af na die noodsaaklike
en sobere, bevry van die vermaaklike
en feestelike. Die bestaan spiraal
stadig terug na die normale
gelukkige
 bedrywige
 onbeduidende
 gewone
wonder van spek en bone.

Die vroulike het binne die kader van iets alledaags/gewoon ver-
ruim tot gemistifiseerde Godswonder.

7.3 GEVOLGTREKKING

Dit het uit die navorsing geblyk dat die vroulike, een van die
sterkste temas in die oeuvre van T.T. Cloete is. Dit ondersteun
die opvatting dat God se skepping bestaan as *eenheid in veel-
heid*.

Die wye skopus van vroulike figurasies - byvoorbeeld van jong
meisie, gestorwene, eggenoot, reisgenoot en seksgenoot, beves-

tig dat die vroulike in die volle omvang van manifestasiemoontlikhede aangespreek is. Verruimend tot hierdie kategorie figurasies, dien die kodering van nie-menslike objekte as [+ vroulik] as bevestiging van hoe veelfasettig die vroulike gekodeer is.

Die verwysing na die anonieme "sy" het as sleutel gedien om die Jungiaanse individuasieteorie as verruimende leesmoontlikheid te kon ondersoek.

Dit is so dat die belewing van die integrasie tussen die manlike en vroulike, as 'n deurlopende eiesoortige individuasieproces, die weg open tot groter universele menslikheid met 'n breër in"kyk"/sien in die wonder van bestaan en die skepping van God.

Die blywendste indruk ten opsigte van die vroulike as kode is, na my mening, die uitskryf/uitboetseer van die oortuiging dat die manlike en die vroulike, ten spyte van hul teenoorstaande/uiteenlopende pole, mekaar aanvul - só hul halwe/gebroke menslikheid herstel. Juis hierdie interverweefdheid bied 'n verruimde in-kyk/insien/insig in die skepping/menslike syn.

Die deurreis/deurkyk van die makrokosmos van God word nie net in religieuse/mistieke sfeer beleef en omgedig nie. T.T. Cloete se poësie word veel eerder gekenmerk deur die aardsheid

daarvan. Aardsheid, in die gedigte waarin die *vroulike* figu-
reer, hou in 'n groot mate verband met die mitologiese oorle-
wering van aarde as almoeder of argetipiese moederfiguur wat in
die gedigte eiesoortig-gevarieerd uitgebeeld is.

Die hegte ineenvlegting van kodes uit verskillende perspektiewe
tot verrassende nuwe verband oor die bestek van die oeuvre, kan
net uit die hand van die literêre virtuoos spruit. Nie net lê
daar die uitbeelding deur middel van die sikliese (lus) ver-
bindinge nie, maar die wonderbaarlike is dat die vroulike kode
ingesluit is in in die ronde sirkel van eet, paar en weer eet
(sien hoofstuk 1,p.4) die natuursirkel wat altyd omsluit word
deur die sirkel wat terugverwys na God as bron van die wonder
en die lewe - die religieuse voltooiing/lus.

As die vroulike as sentrale kode misgelees word, hou die leser
hom/haar doof vir een van die belangrikste stemme in die wyd-
geskakeerde verwysingsraamwerk in die gedigte van T.T. Cloete.

Ten slotte wil ek die belangrikheid van die vroufigurasies wat
in verskillende personasies gekodeer is in die oeuvre van Cloe-
te, opsom in die woorde van H. Marsman se gedig "De vrouw met
den spiegel":

/ gij staat groot (en virginaal)
in het weerkaatst heelal
(Dekker & Cloete, 1977:252)

Die digteroë by T.T. Cloete ontnem "haar" haar maagdelikheid wanneer daar onbeskaamd in "haar" rondgekyk word om te probeer om tot iets van die Al(wysheid) deur te kyk. Dis egter juis in hierdie inkyk en deurkyk(selfs stroping) van haar wat die "ek" al meer deel word van haar (in al haar vorme) en iets beleef van die "ontselfing" ("Opruim" Met die aarde praat:96) tot groter heel-/deelwording:

Kyk ek sonder jou, is daar skille
oor my diep oogkasse, ek
kyk sonder pupille.

...

"Anna" (Met die aarde praat:94)

BIBLIOGRAFIE

- AFCHAIN, M., BABIN, L., BECET, M. & BRIERE, P., *reds.* 1957. Larousse Classique. Parys : Librairie Larousse.
- BAKHTIN, M.M. 1986. Speech genres and other late essays. Austin : University of Texas.
- BAL, M., *red.* 1981. Literaire genres en hun gebruik. Muiderberg : Dick Coutinho.
- BARTHES, R. 1986. Het plezier van de tekst. Nijmegen : SUN.
- BEUKES, M.P. 1993. Ginogenese as diskoers van maggestaltege-
wing van die nuwe vrou in tekste van Krog, Van der
Vyver en Goosen. Mmabatho : Universiteit van
Bophuthatswana. (Proefskrif - D.Phil.)
- BOSMAN, M. E. 1989. Op Hom die groot hosannas: enkele aspekte
van die moderne Christelike poësie in Afrikaans.
Grahamstad : Universiteit van Rhodes. (Proefskrif -
Ph.D.)
- BREMMER, J. 1987. Interpretation of Greek mythology. London :
Crook Helm.

- BRINK, A.P. 1985. Oor die religieuse en die seksuele. (In Brink, A.P. Literatuur in die strydperk. Kaapstad : Human en Rousseau. p.34-42.)
- BRONZWAER, W. 1993. Lessen in lyriek. Nijmegen : SUN.
- CIRLOT, J.E. 1962. A dictionary of symbols. Translated from the Spanish by Jack Sage; foreword by H. read. London : Routledge & Kegan Paul.
- CLOETE, T.T. 1970. J. H. Leopold oor die dromende denke. (In CLOETE, T.T. Kaneel. Kaapstad : Nasionale Boekhandel Beperk. p. 167-196.)
- CLOETE, T.T. 1977. Totius se organiese beskouing. Langenhoven gedenklesing, Universiteit van Port Elizabeth, Seminare, simposia en lesings, B5. 16 September 1977.
- CLOETE, T.T. 1982. Hoe om 'n gedig te ontleed. Pretoria : Academica.
- CLOETE, T.T. 1985. 'n Klinkende vergetelheid. *Ensovoort* 5(1): 3-4.
- CLOETE, T.T., red. 1992. Literêre terme en teorieë. Pretoria : HAUM.

- CLOETE, T.T. 1994a. Brief in besit van outeur. Potchefstroom.
- CLOETE, T.T. 1994b. Gesprek met T.T. Cloete. Kasset in outeur se besit. Potchefstroom.
- COULSON, J., CARR, C.T., HUTCHINSON, L. & EAGLE, D. 1962. Oxford illustrated dictionary. London : Oxford University Press.
- CULLER, J. 1983. On deconstruction: theory and criticism after structuralism. London : Routledge & Kegan Paul.
- CUSSENS, S. 1978. Die swart kombuis. Kaapstad. Tafelberg.
- CUSSENS, S. 1983. Omtoorvuur. Kaapstad. Tafelberg.
- DEGENAAR, J. 1983. Understanding myth as understanding. *Suid-Afrikaanse tydskrif vir wysbegeerte*, (2):58-71, Mei 1993.
- DEKKER, G. & CLOETE, T.T. reds. 1974. Van Hooft tot Luyken. Pretoria : Van Schaik.
- DEKKER, G. & CLOETE, T.T. reds. 1976. Van Bilderdijk tot Gorter. Pretoria : Van Schaik.

- DEKKER, G. & CLOETE, T.T. *reds.* 1977. Van Leopold tot Achterberg. Pretoria : Van Schaik.
- DERRIDA, J. 1977. Structure, sign and play in the discourse of the human sciences. (In Macksey, R. & Donato, E., eds. The structuralist controversy: the language of criticism and the science of man. Baltimore : John Hopkins University Press. p. 247-272.)
- DE VRIES, A.D. 1981. Dictionary of symbols and imagery. Amsterdam : North-Holland.
- DE WAAL, A. 1990. Die primordiale verbeelding in Die Swart Kombuis van Sheila Cussons: 'n Jungiaanse lesing. Pretoria : Universiteit van Pretoria. (Verhandeling - M.A.)
- DU PLOOY, H. 1986. Verhaalteorie in die twintigste eeu. Durban : Butterworth.
- DU PLOOY, H. 1990. Die polifoniese gesprek: intertekstualiteit as leesmodus. *Stilet*, 2(2):1-14.
- DU PLOOY, H. 1992. Semiotiek (In Cloete T.T., *red.* Literêre terme en teorieë. Pretoria : Haum. p.473-476.

- DU PLOOY, H. 1993. Die heelal in 'n taalkristal: die poësie van T.T. Cloete. (*In Woordwerk*, 11:19, Sept.)
- EASTHOPE, E. 1983. Poetry as discourse. London : Methuen.
- ECO, U. 1976. A theory of semiotics. London : Indiana University Press.
- ECO, U. 1977. A theory of semiotics. London : Macmillan.
- FULLER, A.R. 1977. Psychology and religion. New York : University Press of America.
- GARMONSWAY, G.N. & SIMPSON, J. 1969. The Penguin English dictionary. London : Penguin Books.
- GILBERT, S.M. & GUBAR, S. 1980. The madwoman in the attic: the woman writer and the nineteenth-century literary imagination. London : Yale University.
- GENOVA, J. 1987. Introduction: power (Father), gender (Son), values (Holy Ghost). (*In* Genova, J., ed. Power, gender, values. Edmonton: Academic Press. p.1-12.)

- GOUWS, T. 1988. Die transskriptuele lees: hiaat, haplografie en transkripsie in die poësie van Breytenbach, Krog en Cloete - 'n logolinguale lesing. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif - D.Litt.)
- GRÄBE, I. & PRETORIUS, R. 1981. Angelliera: Van twee kante bekyk. *Tydskrif vir letterkunde*, 19 (2):69-83, Mei.
- GRÄBE, I. 1984. Aspekte van poëtiese taalgebruik. Potchefstroom: PU vir CHO.
- GRÄBE, I. 1986. Droogte: aspekte van poëtiese taalgebruik - teoretiese uiteensetting en toepassing. (In Senekal, J., red. Teks-leser-konteks. Johannesburg : Perskor. p. 12-43.)
- HAMBIDGE, J. 1984. 'n Herwaardering van Jukstaposisie. *Ensovoort*, 4(1):7-9, Mei.
- HAMBIDGE, J. 1986. Marilyn Monroe foto in blou: 'n dekonstruksie van die gedig as fototeks. (In Senekal, J., red. Teks-leser-konteks. Johannesburg : Perskor. p. 68-80.)
- HARTY, E.R. 1985. Text, context, intertext. *Journal of literary studies*, 1(2): 1-13, April.

HASSAN, I. 1955. The problem of influence in literary history; notes towards a definition. *Journal of aesthetics and art criticism*, 14:66-76.

HASSAN, I. 1986. Pluralism in postmodern perspective. *Critical inquiry*, 12(3): 503-520, Spring.

HAT

kyk

ODENDAL, F.F. *red.*

ISER, W. 1978. The act of reading: a theory of aesthetic response. London : Routledge & Kegan Paul.

ISER, W. 1989. Towards a literary anthropology. (In Cohen, R. ed. Future literary theory. New York : Routledge. p. 208-228.)

JACOBI, J. 1968. The psychology of C.G. Jung. London: Routledge & Kegan Paul.

JORDAAN, D.J. 1993. Op soek na die paradys: paradigma-ondermyning as leesstrategie toegepas op "Vrees van die arbeider" (Heilige beeste) deur D.J. Opperman. *Literator*, 14 (1):13-24, April.

- JOOSTE, E. 1989. Idiolek van T.T. Cloete: vers, sin en woord in Jukstaposisie. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proef-skrif - D.Litt.)
- JOUBERT, A. 1992. Die verwikkeldheid van die vrouebeelding in die poësie van Sheila Cussons. Potchefstroom : PU vir CHO. (Verhandeling - M.A.)
- JUNG, C.G. 1953. Two essays on analytical psychology. London : Routledge & Paul.
- JUNG, C.G. 1959. New developments in analytical psychology. London : Routledge & Paul.
- JUNG, C.G. 1960. Answer to Job. New York : Meridian.
- JUNG, C.G. 1963. Memories, dreams, reflections. New York : Pantheon Books.
- JUNG, C.G. 1964. Man and his symbols. London : Aldus Books
- JUNG, C.G. 1966. The spirit in man art and literature. London : Routledge & Paul.
- JUNG, C.G. 1968. Psychology and alchemy. Princetown : Princetown University Press.

- JUNG, C.G. 1976. *Mysterium Coniunctionis*. Translated by Hull, R.F.C. Princeton University Press : Princeton.
- JUNG, C.G. 1978. *Aion*. Translated by Hull, R.T.C). Princeton : Princeton University Press.
- JUNG, C.G. 1989. *Symbols of transformation*. Translated by Hull, R.F.C.). Princeton : Princeton University Press.
- JUNG, C.G. 1990. *The archetypes and the collective unconscious*. Translated by Hull, R.F.C.). Princeton : Princeton University Press.
- KRISTEVA, J. 1980. *Desire in language: a semiotic approach to literature and art*. Translated by Gora, T.). New York : Columbia University Press.
- KRITZINGER, M.S.B., LABUSCHAGNE, F.J. & PIENAAR, P de V.1971. *Verklarende Afrikaanse Woordeboek*. Pretoria : Van Schaik.
- KRUYSKAMP, C. 1970. *Van Dale Groot Woordenboek der Nederlandse Taal*. 's-Gravenhage : Martinus Nijhoff.

- LIBOREL, H. 1992. The spinners. (In Brunel, P. ed. Companion to literary myths, heroes and archetypes. London : Routledge. p. 1054-1075.)
- LOTMAN, J. 1976. The content and structure of the concept of literature, *PTL: a journal for descriptive poetics and theory of literature*, 1:339-356.
- LOTMAN, J.M. 1977. The structure of the artistic text. Ann Arbor, Mich. : Ardis.
- MALAN, C. 1978. Misterie van die alchemis. Kaapstad : Academica.
- MEYER, W.F., MOORE, C. & VILJOEN, H.G. 1990. Personality theories: from Freud to Frankl. Johannesburg : Lexicon.
- MILLER, J. Hillis. 1989. The function of literary theory at the present time. (In Cohen R., ed. Future literary theory. New York: Routledge. p.102-111.)
- MORGAN, T.H. 1984. Is there an intertext in this text? Literary and interdisciplinary approaches to intertextuality. *American journal of semiotics*, 3(4):1-40.

- NEL, B.F., SONNEKUS, M.C.H. & GARBERS, J.G. 1965. Grondslae van die psigologie. Stellenbosch : Universiteitsuitgewers en -boekhandelaars.
- ODENDAAL, B.J. 1993. Via alruin en seks tot God: die eiesoortige mistiek in die poësie van T.T. Cloete. *Literator*, 14 (2):1-23, Aug.
- ODENDAL, F.F. *hoofred.*, 1992. Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. Johannesburg : Perskor.
- OHLHOFF, H. 1992. Kode. (In Cloete, T.T., *red.* Literêre terme en teorieë. Pretoria : HAUM. p.221-224.)
- OLIVIER, S.P. 1985. Mistiek in die Afrikaanse poësie. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif - D.Litt.)
- OLSON, A.M. 1980. Myth, symbol and reality. London : University of Notre Dame Press.
- OPPERMAN, D.J. 1975. Groot Verseboek. Kaapstad : Tafelberg.
- PRETORIUS, R. 1981. Bespreking van Angelliera. *Tydskrif vir letterkunde*, 19(2):77-83, Feb.

- PRETORIUS, R. 1984. Skouspel en Carcasonne: die "klankdenke" in *Jukstaposisie*. (In Viljoen, H., Gräbe, I., Jooste, E. & Steenberg D., reds. In teen die groot vergeet: 'n bundel opstelle opgedra aan T.T. Cloete by geleentheid van sy sestigste verjaardag op 31 Mei 1984. Potchefstroom : PU vir CHO. Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO, reeks A 44. p.79-92.)
- RIFFATERRE, M. 1982. Semiotics of poetry. Bloomington : Indiana Press.
- RIFFATERRE, M. 1983. Text production. Translated by T. Lyons. New York : Columbia.
- ROBINSON, H.S. & WILSON, K. 1965 . The encyclopaedia of myths & legends of all nations. London : Edmund Ward Publishers.
- ROCHENBERG, J. 1983. Symposium of the whole. Berkeley : California Press.
- SCHOLTZ, M.G. 1984. Die digter as leser. (In Viljoen, H., Gräbe, I., Jooste, E. & Steenberg, D., reds. In teen die groot vergeet: 'n bundel opstelle opgedra aan T.T. Cloete by geleentheid van sy sestigste verjaarsdag op 31 Mei 1984. Potchefstroom : PU vir CHO. Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO, Reeks A 44. p.108-116

- SCHOLES, R. 1982. *Semiotics and Interpretation*. New Haven : Yale University Press.
- SEGRS, R.T. 1980. *Het lezen van literatuur*. Baarn : Ambo.
- SENEKAL J., red. 1986: *Teks-leser-konteks*. Johannesburg : Perskor.
- SHUKMAN, A. 1977. *Literature and semiotics*. Amsterdam : North-Holland Publishing Company.
- STANDER, C. 1994. Aspekte rondom die ontginning van vroulike seksualiteit in *States of emergence* van A.P.Brink. *Stilet*, 6(1):99-109, Maart.
- STORR, A. 1983. *The essential Jung*. New Jersey : Princeton University Press.
- VAN DER HORST, E. 1994. 'n Ondersoek na die mitologies-simboliese individuasiëproses van die gedigsubjek in Breyten Breytenbach se tronkbundels. Port Elizabeth : Universiteit van Port Elizabeth. (Verhandeling - M.A.)
- VAN DER MERWE, C. & SNYMAN, N. 1991. Intratekstuele kodes in 'Winterreis 1980' van Lina Spies. *Stilet*, 3(2):81-95, Sept.

- VAN LUXEMBURG, J., BAL, M. & WESTSTEIJN, W.G., 1981. Inleiding in de literatuurwetenschap. Muiderberg : Dick Coutinho.
- VAN REETH, A. 1994. Ensiklopedie van die mitologie. Vlaeberg : Vlaeberg Uitgewers.
- VAN RENSBURG, J.H. 1990. Die jukstaponering van hemel en aarde in die poësie van T.T. Cloete. Potchefstroom : PU vir CHO. (M.A. - verhandeling.)
- VAN WYK, J. 1994. Die Bakhtin-groep en intertekstualiteit. *Stilet*, 6(1):123-130.
- VAN ZYL, S. & RYAN, R., eds. 1982. An introduction to contemporary literary theory. Johannesburg : Donker.
- VENTER, I.L. 1988. Intergedigtelike verhoudings in die poësie van T.T. Cloete, met "Jukstaposisie" as vertrekpunt. Pretoria : Universiteit van Pretoria. (Proefskrif - D.Litt.)
- VILJOEN, H. 1986. Die klou dui al die dier aan: oor semiotiek en literatuur. (In Senekal, J. red. Teks-leser-konteks. Johannesburg : Perskor. p.81-97.)

WELLEK, R. & WARREN, A. 1976. Theory of literature. Amsterdam
: Harmondsworth

WOODWORTH, R.S. 1965. Contemporary schools of psychology.
London : Methuen.

YOUNG, R., ed. 1981. Untying the text: a post-structuralist
reader. Boston : Routledge & Kegan Paul.